

Die aard en omvang van stres onder personeel verbonde aan die Suid-Afrikaanse
Polisiediens : Honde-eenheid in Durban.

deur

ANDRIES PETRUS WESTRAAT

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER COMMERCII (MENSLIKE HULPBRON BESTUUR)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Dankbetuigings

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor die volgende persone vir hul deurlopende ondersteuning, motivering en advies tydens die voltooiing van hierdie werkstuk.

Alle persone verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie, met besondere vermelding aan die lede van die Honde-eenheid: Durban, vir hul bereidwilligheid en tyd om deel te neem aan die studie.

Prof. Brand aan die Universiteit van Pretoria vir sy geduld.

My ouers vir hulle geloof in my en hul deurlopende aanmoediging tydens die tyd wat ek wou tou opgooi

En laastens aan my vrou, Lorraine sonder wie se bystand en liefde ek sekerlik nie die werkstuk sou voltooi nie.

Baie dankie.

Ek verklaar dat “Die aard en omvang van stres onder personeel verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens : Honde-eenheid in Durban” my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik het, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

Ek verklaar dat die inhoud van hierdie skripsie vir geen ander kwalifikasie by enige tersiêre instelling ingedien is nie

ANDRIES PETRUS WESTRAAT

24 JULIE 2002

INHOUDSOPGAAF

1	HOOFSTUK 1 INLEIDING	1
2	HOOFSTUK 2 MODELLE EN DEFINIËRING VAN STRES	3
2.1	Responsgebaseerde model van stres (Cox : 1978).....	3
2.1.1	Hans Selye : Algemene aanpassing sindroom (AA).....	3
2.2	Stimulusgebaseerde model van stres (Cox : 1978).....	7
2.3	Interaksionele model van stres (Cox & Mc Kay : 1978).....	9
2.3.1	Fase 1 : Bronne van vereistes.....	9
2.3.2	Fase 2 : Persepsie en hanteringsvermoë.....	10
2.3.3	Fase 3 : Psigo-fisiologiese veranderinge.....	10
2.3.4	Fase 4 : Gevolge van hanteringsmeganismes.....	10
2.3.5	Fase 5 : Terugvoer.....	11
3	HOOFSTUK 3 BRONNE VAN STRES (STRESSORS)	12
3.1	Intern.....	14
3.1.1	Introversie / Ekstroversie.....	14
3.1.2	Tipe A / B Persoonlikheid.....	16
3.1.3	Angs.....	18
3.1.4	Beheer / Lokus van kontrole.....	19
3.1.4.1	Gedragbeheer (Behavioural control).....	19
3.1.4.2	Kognitiewe beheer (Cognitive control).....	19
3.1.4.3	Besluitnemingsbeheer (Decisional control).....	19
3.1.4.4	Inligtingsbeheer (Informational control).....	19
3.1.4.5	Retrospektiewe beheer (Retrospective control).....	20
3.1.5	Psigiese gehardheid.....	21
3.1.5.1	Beheer / Kontrole.....	21
3.1.5.2	Verbintenis.....	21
3.1.5.3	Uitdaging.....	22
3.1.6	Selfbeeld ("Self esteem").....	22
3.1.7	Optimisme vs. Pessimisme.....	23
3.2	Ekstern.....	23
3.2.1	Familie / Gesin.....	23
	Eggenoot / Venoot.....	24
3.2.1.1	Kinders.....	26
3.2.1.2	Huishoudelike beplanning.....	26

3.2.1.3	Diverse faktore	26
3.2.2	Werk.....	26
3.2.2.1	Organisatoriese eienskappe.....	27
3.2.2.2	Werksvereistes.....	27
3.2.2.3	Roleienskappe.....	28
3.2.2.4	Interpersoonlike verhoudinge	28
3.2.2.5	Werkstoestande	28
3.2.2.6	Loopbaanaangeleenthede.....	28
3.2.2.7	Verandering binne die Suid-Afrikaanse Polisie (Demilitarisering van polisie)	29
3.2.2.8	Beeld van 'n goeie polisiebeampte	31
3.2.2.9	Daaglikse polisiewerk.....	31
3.2.2.10	Verlies aan erkenning.....	31
3.2.2.11	Kollektiewe bedinging.....	31
3.2.2.12	Gebrek aan hanteringsmeganismes en ondersteuning	31
3.2.3	Spesifieke werksfaktore.....	32
3.2.3.1	Toerusting	32
3.2.3.2	Skofwerk:.....	32
3.2.3.3	Werkoorlading / - onderlading:	32
3.2.3.4	Geregshowe	34
3.2.3.5	Fisiese gevaar	35
3.2.3.6	Rol in die organisasie	35
3.2.3.7	Loopbaanaangeleenthede.....	36
3.2.3.8	Interpersoonlike verhoudinge	36
3.2.3.9	Organisasiestruktuur en - klimaat.....	36
3.2.3.10	Veranderinge in lewensomstandighede / Sosiale aanpassing...	37
3.2.4	OMGEWING.....	39
3.2.4.1	Geraasbesoedeling	40
3.2.4.1.1	Intensiteit.....	40
3.2.4.1.2	Voorspelbaarheid.....	40
3.2.4.1.3	Beheerbaarheid.....	40
3.2.4.2	Lugbesoedeling.....	40
3.2.4.3	Oorpopulasie	41
4	HOOFSTUK 4 SIMPTOME VAN STRES	42

4.1	Outonome senuweestelsel	42
4.2	Endokriene stelsel	43
4.3	Fisiologiese / Fisiese simptome	45
4.3.1	Die immuunstelsel	45
4.3.2	Die kardiovaskulêre stelsel	47
4.3.3	Die spysverteringstelsel.....	47
4.3.3.1	Vetsug	47
4.3.3.2	Diabetes	49
4.3.3.3	Veluitslag.....	49
4.4	Psigologiese / Kognitiewe simptome	49
4.5	Gedragssimptome simptome.....	51
4.6	Emosionele simptome	51
5	HOOFSTUK 5 STRESHANTERING.....	54
5.1	Veg, Vlug, Vries	54
5.2	Aktiewe hantering	55
5.2.1	Voorkomende hantering	55
6	HOOFSTUK 6 AGTERGROND: DURBAN HONDE-EENHEID	57
6.1	Werwing, keuring en opleiding.....	59
6.1.1	Werksbeskrywing	60
6.1.2	Werkspesifikasie.....	62
6.1.2.1	Ouderdom	62
6.1.2.2	Huwelikstatus	62
6.1.2.3	Geslag	62
6.1.2.4	Vorige ondervinding	62
6.1.2.5	Fisiese vereistes.....	62
6.1.2.6	Psigologiese vereistes.....	63
6.1.2.7	Huislike omstandighede	64
6.1.2.8	Produktiwiteit	64
6.1.2.9	Onafhanklikheid.....	64
6.1.2.10	Opleiding	64
6.1.2.11	Kreatiwiteit.....	64
6.1.2.12	Verantwoordelikeheidsin	64
6.1.2.13	Drukhantering.....	65
6.1.2.14	Ingesteldheid	65

6.1.2.15	Dissipline.....	65
6.1.2.16	Algemeen	65
6.1.3	Struktuur en samestelling.....	66
6.1.4	Prioriteite en doelwitte	67
6.1.4.1	Prioriteit 1	67
6.1.4.1.1	Doelwit 1.1	67
6.1.4.1.2	Doelwit 1.2	67
6.1.4.1.3	Doelwit 1.3	68
6.1.4.2	Prioriteit 2	68
6.1.4.2.1	Doelwit 2.1	68
6.1.4.2.2	Doelwit 2.2	68
6.1.4.3	Prioriteit 3	68
6.1.4.3.1	Doelwit 3.1	68
6.1.4.4	Prioriteit 4	68
6.1.4.4.1	Doelwit 4.1	68
6.1.4.5	Prioriteit 5	69
6.1.4.5.1	Doelwit 5.1	69
7	HOOFSTUK 7 Metode van ondersoek.....	70
7.1	Navorsingstrategie.....	70
7.1.1	Motivering.....	70
7.1.2	Voor – en nadele van die opnamemetode as navorsingstrategie.....	70
7.1.3	Stappe in navorsingstrategie	71
7.1.3.1	Stap 1	71
7.1.3.2	Stap 2.....	71
7.1.3.3	Stap 3.....	72
7.1.4	Statistiese datamanipulasie.....	72
7.1.4.1	Beskrywende statistiek.....	72
7.1.4.2	Verbandstatistiek.....	73
7.2	Vraelyste en psigometriese instrumente.....	73
7.2.1	Biografiese vraelys	73
7.2.2	Simptomevraelys	74
7.2.2.1	Rasionaal	74
7.2.3	Fisiese simptome.....	74
7.2.4	Emosionele simptome	75

7.2.5	Denkpatroon simptome	75
7.2.6	Gedragssimptome	76
7.3	Die Ervaring van Werk en Lewensomstandighede Vraelys (WLV)	76
7.3.1	Rasionaal.....	76
7.3.2	Beskrywing van vraelys	77
7.3.2.1	Ervaring van werk.....	77
7.3.2.2	Omstandighede en verwagtinge.....	77
7.3.2.2.1	Omstandighede.....	77
7.3.2.2.2	Organisasiefunksionering.....	77
7.3.2.2.3	Taakeienskappe.....	77
7.3.2.2.4	Fisiese werksomstandighede en werkstoerusting.....	78
7.3.2.2.5	Loopbaanaangeleenthede.....	78
7.3.2.2.6	Sosiale aangeleenthede.....	78
7.3.2.2.7	Vergoeding, byvoordele en personeelbeleid	78
7.3.3	Geldigheid	79
7.3.3.1	Inhoudsgeldigheid	79
7.3.3.2	Konstruktiewe geldigheid.....	79
7.3.4	Betroubaarheid	79
7.4	Die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) SA 92 weergawe	79
7.4.1	Rasionaal.....	79
7.4.2	Beskrywing	80
7.4.3	Geldigheid	81
7.4.4	Betroubaarheid.....	82
8	HOOFSTUK 8 Resultate van ondersoek	83
8.1	Biografiese gegewens	83
8.2	Simptomevraelys	88
8.2.1	Fisiese simptome.....	88
8.2.2	Emosionele simptome	94
8.2.3	Gedragssimptome	100
8.2.4	Denkpatroon-simptome	107
8.3	Die Ervaring van Werk en Lewensomstandighede Vraelys	114
8.3.1	Organisasiefunksionering.....	114
8.3.2	Taakeienskappe	115
8.3.3	Fisiese werksomstandighede	115

8.3.4	Loopbaanaangeleenthede	116
8.3.5	Sosiale aangeleenthede	116
8.3.6	Vergoeding / Byvoordele / Personeelbeleid.....	116
8.4	Die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys, Suid-Afrikaanse 1992- weergawe (16 PF, SA 92)	120
8.5	Korrelasiekoëffisiënte	131
9	HOOFSTUK 9 Gevolgtrekking en Aanbeveling	158
9.1	Biografiese vraelys	158
9.1.1	Gevolgtrekking.....	158
9.1.2	Aanbeveling.....	158
9.2	Fisiese simptome vraelys	159
9.2.1	Gevolgtrekking.....	159
9.2.2	Aanbeveling.....	159
9.3	Emosionele simptome vraelys	159
9.3.1	Gevolgtrekking.....	159
9.3.2	Aanbeveling.....	160
9.4	Denkpatroon simptome vraelys	160
9.4.1	Gevolgtrekking.....	160
9.4.2	Aanbeveling.....	160
9.5	Gedragssimptome vraelys.....	161
9.5.1	Gevolgtrekking.....	161
9.5.2	Aanbeveling.....	161
9.6	Die Ervaring van Werk en Lewensomstandighede vraelys (WLV).....	161
9.6.1	Gevolgtrekking.....	161
9.6.2	Aanbeveling.....	163
9.7	Die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) SA 92 Weergawe	164
9.7.1	Gevolgtrekking.....	164
9.7.2	Aanbeveling.....	165
10	HOOFSTUK 10 Bronnelys	166

Lys van tabelle

1	Bronne van stres.....	12
2	Introversie / Ekstroversie.....	14
3	Tipe A / B persoonlikheid.....	17 – 18
4	“Social readjustment rating scale”	35 – 37
5	Hanteringstrategieë.....	50
6	Voorkomende en aktiewe hantering van stres.....	51
7	Tabel van redes vir ontslag voor Mei 1998.....	53
8	Tabel van redes vir ontslag na Mei 1998.....	54
9	Personeel getalle.....	61
10	Demografiese verspreiding.....	61
11	Werk statistiek: Junie 1999 tot November 1999.....	63
12	Beskrywing van 16 PF 1e orde faktore.....	74 – 75
13 - 21	Frekwensie tabelle: Biografiese vraelys	78 – 80
22	Beskrywende statistiek: Biografiese vraelys.....	81
23 - 39	Frekwensie tabelle: Fisiese simptomevraelys.....	82 – 86
40	Beskrywende statistiek: Fisiese simptomevraelys.....	87
41 - 54	Frekwensie tabelle: Emosionele simptomevraelys.....	89 – 92
55	Beskrywende statistiek: Emosionele simptomevraelys.....	93
56 - 72	Frekwensie tabelle: Gedragsimptomevraelys.....	95 – 99
73	Beskrywende statistiek: Gedragsimptomevraelys.....	100
74 - 84	Frekwensie tabelle: Denkpatroon simptomevraelys.....	103 – 106
85	Beskrywende statistiek: Denkpatroon simptomevraelys.....	107
86 - 93	Frekwensie tabelle: WLV vraelys.....	111 – 112
94	Beskrywende statistiek: WLV vraelys.....	113
95 - 110	Frekwensie tabelle: 16 PF.....	118 – 123
111	Beskrywende statistiek: 16 PF.....	124
112 - 114	Korrelasie matrikse: Vlak van stres en biografiese vraelys...	125 – 127
115 - 117	Korrelasie matrikse: Vlak van stres en denkpatroon simptome.....	128 – 130
118 - 120	Korrelasie matrikse: Vlak van stres en emosionele simptome.....	131 – 133
121 - 123	Korrelasie matrikse: Vlak van stres en fisiese simptome.....	134 – 139

124 - 126	Korrelasie matrikse: Vlak van stres en gedragsimptome.....	140 – 145
127 - 129	Korrelasie matrikse: Vlak van stres en 16 PF.....	146 – 151

Lys van figure

1	Responsgebaseerde model van stres.....	3
2	Algemene aanpassingsindroom.....	5
3	Stimulusgebaseerde model van stres.....	7
4	Transaksionele model van stres.....	9
5	Tipes stres.....	13
6	Familie / gesin lewensiklus.....	24
7	Biochemie van stres.....	42
8	Stres en produktiwiteit / effektiwiteit.....	46
9	Organisasie struktuur van die Honde-eenheid: Durban.....	60

Samevatting

Die aard en omvang van stres onder personeel verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens : Honde-eenheid in Durban.

deur

Andries Petrus Westraat

Leier: Prof. H.E. Brand
Departement: Menslike Hulpbronbestuur
Graad: M Com (Menslike Hulpbronbestuur)

Stres is geen nuwe fenomeen nie, maar het gedurende die twintigste eeu een van die grootste oorsake van personeelomset en verhoogde produksiekoste geword. 'n Enorme aantal studies is gewy aan stres sodat 'n dieper insig verkry kan word in die oorsake, sowel as gevolge daarvan. Die doel van hierdie ondersoek is om die aard en omvang van stres onder personeel verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens : Honde-eenheid in Durban te ondersoek.

Die Suid-Afrikaanse Polisie diens het 'n totale vernuwing / verandering ondergaan. Hierdie vernuwing / verandering, soos met enige ander verandering, het nie sonder probleme gepaard gegaan nie. Die menslike natuur om verandering teë te staan veroorsaak dat sommige lede die verandering (transformasie) maklik vind en gou aanpas, maar ander kan die verandering glad nie verwerk nie. Die veranderinge het ook plaasgevind binne die Honde-eenheid in Durban. Hierdie spesialisering binne die Suid-Afrikaanse Polisie diens verrig dienste van kardinale belang en dit is dus noodsaaklik om kennis te neem van die stres waaronder lede van die eenheid verkeer.

Die navorsing het gefokus op die lede se ervaring en belewing van stres, maar ook op die oorsake en gevolge van die belewing van stres. Verder is daar is ook gefokus op sekere persoonlikheidsfaktore / eienskappe wat lede van die eenheid openbaar. Die voorafgaande literatuurstudie verskaf verdere insig ten einde die resultate te evalueer.

Die meerderheid van die respondente ervaar / beleef hoë tot baie hoë vlakke van stres terwyl 'n minderheid van die respondente normale vlakke van stres ervaar / beleef. Hierdie stres is die gevolg van oorsake binne die werksverband, met spesifieke verwysing na aspekte soos spesifieke taakeienskappe inherent aan die werk, vergoeding, byvoordele en personeelbeleid asook loopbaan aangeleenthede. Verder is daar ook spesifieke persoonlikheidstreke / kenmerke geïdentifiseer wat respondente met baie hoë vlakke van stres identifiseer.

Kennis aangaande die lede se vlakke van stres, sowel as die aard van die stres kan met groot vrug gebruik word in die daarstelling van hulpmiddels ten opsigte van keuring van lede vir die eenheid. Dit is vanselfsprekend dat lede verbonde aan die eenheid emosioneel, sowel as psigies en fisies in goeie gesondheid moet verkeer. Die resultate van hierdie studie kan met groot vrug aangewend word ten einde bogenoemde te verseker. Verder kan hierdie inligting ook gebruik word vir die daarstelling van streshanteringswerkswinkels wat spesifiek ontwikkel is vir die eenheid.

Summary

The nature and scope of stress among members of the
South African Police Service Dog unit in Durban.

by

Andries Petrus Westraat

Leader: Prof. H.E. Brand
Department: Human Resource Management
Degree: M Com (Human Resource Management)

Stress is no new phenomenon, but became one of the leading causes of personnel turnover and increasing production cost in the twentieth century. A very large amount of studies have done on stress to create a deeper understanding of the causes, as well as the effects of stress. The purpose of this study therefore is to gain knowledge as to the nature and scope of stress experienced by members of the South African Police Service Dog unit in Durban.

The South African Police Service have undergone 'n total change and this change, as any other, has not gone without problems. It is natural human nature to avoid change, and this has led to the fact that certain members have found the changes quite easy to adapt to, but others have not adapted to the new ways. Said changes have also taken place in the Dog unit in Durban. This specialized unit within the South African Police Service supply a service which is of cardinal importance and it is therefore necessary to take note of the stress experienced by members of this unit.

The study not only focused on how the members experience stress, but also on the causes and effects of said experience. Furthermore, special attention was given to certain personality traits which members have displayed. The literature study preceding the results will help to understand and relate the results.

The number of respondents experiencing high to very high levels of stress are greater than those experiencing normal levels of stress. This is due to work related aspects such as job characteristics inherent to the job, remuneration, added benefits, and personnel policy as well as career opportunities. Furthermore, specific personality traits / characteristics were identified which identify respondents experiencing very high levels of stress.

Knowledge gained regarding the levels of stress experienced by members, as well as the nature and scope of stress, can be used to produce aids to assist in the recruitment of members for the unit. It is clear that members wanting to work in the unit needs to be emotionally, psychologically and physically well and it is clear that results from this study can further the process to ensure this. Lastly, due to the results of this study, specialized stress management workshops can be developed for the unit.

1 HOOFSTUK 1 INLEIDING

" Stress, like relativity, is a scientific concept which has suffered from the mixed blessing of being too well known and too little understood."

(Selye 1980)

Met hierdie aanhaling spreek Selye tot die kern van die probleem rakende die fenomeen stres. Die term word gebruik deur professionele persone binne verskeie vakgebiede van sielkunde en psigiatrie tot ergonomika en ingenieurswese. Professionele persone is egter nie die enigste persone wat met die term omgaan nie, maar die algemene publiek gebruik ook die term en koppel gevolglik hul eie betekenis aan die term. Volgens Levine en Scotch (1970 : 9) speel die volgende faktore 'n rol in die verstaan van die begrip stres, sowel as die interpretasie van resultate verkry uit studies rakende die fenomeen.

- Stres, as fenomeen, word deur spesialiste oor breë veld van dissiplines ondersoek. Bepaalde navorsingsmetodes word binne elke veld gebruik wat interpretasie bemoeilik.
- Binne die sosiale wetenskappe is stres hoofsaaklik deur klinies georiënteerde navorsers ondersoek. Die gevolg hiervan is dat konsepte rakende stres in baie duidelik gedefinieerde operasionele terme beskryf word.
- Die term stres, en verbandhoudende aspekte word lukraak bespreek sonder begrip en insig.

Volgens Newton (1995 : 3) speel die media - televisie, radio en gedrukte pers - 'n groot rol in die gesprek rondom stres. Die volgende persepsie speel ook 'n rol in die definieerbaarheid van die begrip (Levine en Scotch, 1970 : 9).

- Alle ongemaklike / onaangename situasie / gebeurtenisse is stres vol
- Dit wat vir een persoon stresvol is, is noodwendig vir 'n ander persoon ook stresvol
- Dat stresvolle gebeurtenisse / situasie aanleiding moet gee tot patologiese / negatiewe nagevolge.

Alhoewel stres 'n uiters individuele, persoonlike en dinamiese fenomeen is as gevolg van individualiteit van elke persoon moet daar egter gelyke grond vir die bestudering van die begrip gevind word.


Binne hierdie studie sal gepoog word om die fenomeen, stres, te bespreek aan die hand van verskeie modelle en begrippe ten einde gelyke grond te vind. Verder sal daar gefokus word op aanleidende tot die ervaring / belewing van stres in die algemeen, maar ook oorsake wat uniek is aan die gegewe ondersoekgroep. Die gevolge van stres sowel as onderskeie hanteringstrategieë daarvan kom ook onder bespreking. Die hoofdoel van hierdie studie is egter om die aard en omvang van stres te bepaal binne die gegewe ondersoekgroep en sekondêr tot hierdie doelwit sal gefokus word op persoonlikheidseienskappe wat bydraend is tot die ervaring / belewing van stres binne die gegewe ondersoekgroep.

Vervolgens word daar gefokus op drie (3) verskillende modelle waarvolgens stres bespreek sal word.

2 HOOFSTUK 2 MODELLE EN DEFINIËRING VAN STRES

2.1 Responsgebaseerde model van stres (Cox : 1978)

Hierdie definisie en model benader stres as 'n afhanklike veranderlike. Stres is dus die persoon se spesifieke respons, of patroon van response waaruit afgelei kan word dat die persoon onder spanning / druk verkeer as gevolg van 'n stimulus, bedreiging of las uit die omgewing.



Figuur 1. Responsgebaseerde model van stres.

Die teenwoordigheid van die respons patroon impliseer dus die bestaan van stres. Volgens Frankenhauser egter, kan die teenwoordigheid van die respons of respons patroon ook dien as stimulus vir die herhaling of voortbestaan van die respons of respons patroon.

2.1.1 Hans Selye : Algemene aanpassing sindroom (AA)

Volgens Selye (Cox : 5) is stres die non-spesifieke (fisiologiese) respons van die liggaam op enige druk / eis wat daarop gemaak word. Die fokus

van Selye se postulering is fisiologies van aard, vandaar dus die sterk assosiasie tussen respons en fisiologies gebaseerde modelle van stres. Selye se definiering van stres is gebaseer op drie (3) basiese aannames naamlik:

- Selye het aanvaar dat die fisiologiese respons van die individu nie afhanklik is van die aard van die stressor nie. Volgens hom was die reponspatroon universeel van aard, en het dit gedien as beskermingsmeganisme wat voort bestaan (integriteit) sal verseker.
- Die universele respons patroon het 'n vaste verloop en kan in drie (3) duidelik definieerbare fases verdeel word. Die fases staan bekend as die Algemene Aanpassing Sindroom (AA) en is die volgende :

Alarmfase.


Volgens Rice word hierdie fase gekenmerk deur 'n kortstondige afname in weerstand gevolg deur 'n verhoging in hartklop en bloeddruk en 'n afskeiding van glukose in die bloed. (Ross & Allmaier : 2). Hierdie fisiologiese verandering vind plaas ten einde die onmiddellike stressor te kan hanteer.

Weerstandfase

Indien die alarmfase nie voldoende was ten einde die stressor te oorkom nie, tree die weerstandfase in werking. Die liggaam verbruik 'n groot hoeveelheid energie / bronne ten einde die langdurige effek van die stressor te beperk. Met tyd neem die liggaam se vermoë om weerstand te bied af en kan fisiese simptome soos peptiese ulkuse en arteriosklerose plaasvind (Rice : 17). Die liggaam poog voortdurend om homeostase te bereik of aan te pas by die stressor.(Ross & Allmaier : 3).

Uitputting / Ineenstortingfase

Hierdie fase is die laaste fase binne die Algemene Aanpassing Sindroom. Indien die liggaam nie homeostase bereik nie, en heeldydse hulpbronne / energie aanwend om die stressor te hanteer vind daar mettertyd uitputting plaas (Cox, p5). Hierdie uitputting / ineenstorting kan aanleiding gee tot dood indien die stressor nie verwyder word nie.



Aangepaste skematiese voorstelling van die Algemene aanpassingsindroom
Uit : Stress & Health, 1992

Figuur 2. Algemene aanpassingsindroom

- Die respons patroon, indien langdurig en intensief gee aanleiding tot 'n siekte / sindroom van aanpassing ("disease of adaptation). Hierdie siekte / sindroom van aanpassing kom voor onafhanklik van ander siektetoestande waarneembaar by die individu. Die volgende simptome is kenmerkend:
 - Verlies aan eetlus
 - gewigsverlies
 - verlies aan ambisie


Uit bostaande blyk dit baie duidelik dat Selye baie klem lê op die non-spesifieke aard van die respons. Kritiek teen die model en definisie spruit juis voort uit hierdie non-spesifiekheid van die respons. Volgens Mason (Cox : 6) is daar sekere gevaarlike fisiese stowwe / kondisies (oefening, hitte, vas) wat nie die Aanpassingsindroom in werking stel nie.

Die model en definisie van Selye maak ook geen voorsiening vir die psigiese / sielkundige impak van die stressor op die individu nie. Die gedagte bestaan dat die fisiologiese respons slegs gedeeltelik deur die fisiese teenwoordigheid van die stressor veroorsaak word, en dat die psigiese / sielkundige impak daarvan op die individu ook 'n groot rol speel.

2.2 Stimulusgebaseerde model van stres (Cox : 1978)

Hierdie benadering tot stres word ontleen aan die studieveld van ingenieurswese waar die eienskappe van die stimulus uit die omgewing geklassifiseer word as steurend.

'n Eenvoudige stimulus-gebaseerde benadering tot stres.
Alternatiewe benamings vir die respons op die stres uit die omgewing word in die blok regs verskaf.
Uit : Stress, 1978 Cox,T.



Figuur 3. Stimulusgebaseerde model van stres

Volgens Cox kan 'n sterk parallel getrek word tussen die stimulusgebaseerde model vir stres en Hooke se Wet van Elastisiteit. Die volgende definieerbare begrippe is noodsaaklik ten einde die wet te verstaan.

STRES : Die lading (druk) wat uitgeoefen word op 'n voorwerp.

SPANNING : Die vervorming wat plaasvind.

Spanning (vervorming), die gevolg van stres (lading), sal verdwyn indien laasgenoemde nie die voorwerp se elastisiteitslimiet oorskry nie. Indien die stres (lading) egter langdurig toegepas word en groter is as die voorwerp se elastisiteitsgrens sal permanente skade berokken word.


Volgens Cox (1978 : 14) wil dit voorkom asof elke individu 'n soortgelyke ingeboude weerstand teen stres het. Indien die stres egter langdurig van aard is, word die individu se ingeboude weerstand afgebreek en kan dit aanleiding gee tot permanente fisiese en/of sielkundige skade.

Kritiek, volgens Cox (1978 : 14) teen hierdie oorvereenvoudiging van stres is die volgende:

- Daar kan met geen sekerheid bepaal word watter situasie inherent stresvol is nie.
- Geen ruimte word gelaat vir die rol wat individuele verskille speel nie.

2.3 Interaksionele model van stres (Cox & Mc Kay : 1978)

Die basis van hierdie model word gebaseer op die veronderstelling dat stres die gevolg is van 'n besondere verwantskap tussen die individu en sy omgewing (Cox, 1978 : 18). Die model steun op beide stimulus- en responsgebaseerde modelle en dui op die transaksionele - interaktiewe natuur stres. Die uitgangspunt van die model is dat stres 'n individueel persepsuele fenomeen is wat gegrond is in psigologiese prosesse (Cox, 1978 : p18). Voorts vind daar voortdurend terugvoer plaas wat die model siklies van aard maak.



Figuur 4. Transaksionele model van stres (Cox : 1978)

Vyf (5) duidelik waarneembare fases is teenwoordig:

2.3.1 Fase 1 : Bronne van vereistes

Die eerste fase verteenwoordig die vereistes wat aan die individu gestel word. Hierdie vereistes vorm deel van die eksterne en interne omgewing. Onderskeid tussen die interne omgewing (psigologiese- en fisiologiese behoeftes) en die eksterne omgewing word gemaak.

2.3.2 Fase 2 : Persepsie en hanteringsvermoë

Hierdie fase verteenwoordig die individu se persepsie van die gestelde vereistes sowel as sy / haar vermoë om hierdie vereistes te hanteer.

Stres kan ontstaan indien daar wanbalans is tussen die persoon persepsie ten opsigte van sy hanteringsvaardighede en die waargenome vereiste wat gestel word. Die ewewig of onewewig is nie tussen die werklik gestelde vereiste en werklike vermoë nie, maar tussen persepsuele vereiste en persepsuele hanteringsvermoë.

Die kognitiewe beoordeling van die vereiste deur die individu speel 'n belangrike rol in die potensieel stresvolle situasie en sy / haar vermoë om dit te hanteer. 'n Hoeveelheid veranderlikes onder andere persoonlikheid speel 'n belangrike rol in die kognitiewe beoordeling. Hierdie afhanklikes versterk die individuele en persoonlike aard van stres.

2.3.3 Fase 3 : Psigo-fisiologiese veranderinge

Vanweë die wanbalans tussen persepsuele vereistes en persepsuele hanteringsvaardighede ontwikkel die individu 'n subjektiewe (emosionele) belewing van stres (Cox, 1978 : 20). 'n Psilogiese- sowel as gedrags- en kognitiewe verandering vind plaas tydens die subjektief emosionele belewing van stres. 'n Verandering in gedrag vind plaas. Fase 3 word gekenmerk deur bostaande psilogies-psigologiese verandering en verteenwoordig die individu se reaksie op die stres ervaring.

2.3.4 Fase 4 : Gevolge van hanteringsmeganismes

Talle stres modelle eindig by fase 3, naamlik die individu se reaksie op stres. Fase 4 van die transaksionele model vir stres fokus egter spesifiek op die gevolge van die hanteringsmeganisme (psilogies en fisiologies). Hier word gefokus op werklike, sowel as persepsuele waargenome gevolge van hantering strategieë.

Selye (Cox, 1978 : 20) stel voor dat stres slegs sal ontstaan / bestaan indien die onvermoë om sekere vereiste na te kom / te hanteer belangrik is vir die individu, of indien sekere negatiewe uitkomst gekoppel is aan die onvermoë om die vereistes na te kom / te hanteer.

2.3.5 Fase 5 : Terugvoer

Fase 5, terugvoer, binne die model is 'n alles omvattende fase wat deurlopend voorkom tydens fase 1-4.

Ter afsluiting word die volgende definisie van stres voorgehou (Cox, 1978 : 25):

"Stress can only be defined as a perceptual phenomenon arising from a comparison between the demand on the person and his ability to cope. An imbalance in this mechanism, when coping is important, gives rise to the experience of stress, and to the stress response. The latter represents attempts of coping with the source of stress. Coping is both psychological and physiological. If normal coping is ineffective, stress is prolonged and abnormal responses may occur."

Hierdie definisie vervat alle belangrike begrippe ten einde die fenomeen, stres, te bespreek.

3 HOOFSTUK 3 BRONNE VAN STRES (STRESSORS)

Vervolgens twee definisies van die begrip wat sal dien as basis vir die bespreking wat volg:

"Stressor: Any factor that disturbs homeostasis, producing stress" (Encyclopedia and dictionary of Medicine, Nursing and Allied Health, 1978 : 18).


"Stressor: Anything that causes wear and tear on the body's physical or mental resources" (Mosly's Medical, Nursing and Allied Health dictionary, p1419).

Uit bostaande blyk dit dat stressors die bronne of oorsake van stres is. Daar kan afgelei word dat stressors 'n wanbalans tot gevolg het, en verder dat die teenwoordigheid van stressors 'n uitputtingseffek veroorsaak. Vir die doel van die bespreking word stressors verdeel in twee klassifikasies naamlik die wat intern tot die individu is, en die wat ekstern op die individu geprojekteer word. Volgens Greenhaus (1994 : 223) speel sekere persoonlikheidseienskappe / individuele verskille ook 'n rol in stres as fenomeen. Hierdie persoonlikheidseienskappe / individuele verskille word ingesluit by die oorsake intern tot die individu.

Tabel 1: Bronne van stres (Greenhaus, 1994)

INTERN	EKSTERN
Introversie / Ekstroversie	Familie
Tipe A / B persoonlikheid	Werk
Angstigheid	Omgewing
Lokus van kontrole	Geraas
Psigiese gehardheid	Lug
Selfbeeld	Populasie
Optimisme Vs Pessimisme	Sosiale aanpassing / verandering
	Tegnologie
	Klas & Ras

Elke stressor sal vervolgens bespreek word ten opsigte van die uitwerking wat dit het op die individu. Die voorafgaande bespreking rakende die kognitiewe evaluering wat plaasvind speel 'n bepaalde rol in die effek van die stressor. Elke stressor word kognitief geëvalueer en kan, volgens Selye (Cooper, 1983 : 18), die volgende tot gevolg hê:



Skematiese voorstelling van stres variasies
Uit : Cooper, 1983, p18

Figuur 5. Tipes stres. (Cooper, 1983 : 18)

Die stressor, afhangende van die kognitiewe evaluering, sal die individu se homeostase wysig in die rigting van een van die genoemde vier (4) "stres variante". (Cooper, 1983 : 18)

3.1 Intern

3.1.1 Introversie / Ekstroversie

Hierdie begrippe het hul ontstaan uit die Analitiese persoonlikheidsteorie van Carl Jung. Volgens Jung (Meyer et al, 1988 : 91) word elke individu gekarakteriseer na gelang van die primêre kanalisering van psigiese energie. Hierdie kanalisering kan innerlik (Introversie) of uiterlik (Ekstroversie) plaasvind. Die introvert is gepreokkupeer met sy eie emosies en belewenisse en kom gewoonlik afsydig, selfs onsosiaal voor terwyl die ekstrovert 'n lewendige belangstelling in die wêreld om hom toon, en baie sosiaal voorkom (Meyer et al, 1988 : 91-92).

Die twee (2) houdings toon verder die volgende verskille, aldus Rice (1992 : 87-88).

Introversie	Ekstroversie
Sosiaal teruggetrokke Reflektief Minimale openbare vertoon van emosie Effens afgesluit van buite wêreld	Sosiaal aktief (uitgaande) Aktief Vrye vertoon van emosie Oop vir buite wêreld

Tabel 2: Introversie / Ekstroversie

Beide houdings is terselfdertyd in alle persone, maar die een is gewoonlik bewus en dominant terwyl die ander onbewus en ondergeskik is (Meyer et al, 1988 : 98). Volgens Greenhaus (1994 : 226) is daar 'n verband tussen ekstroversie en Tipe A persoonlikheid wat later bespreek sal word.

Die mate waarin psigiese opwekking plaasvind is ook verskillend in persone met 'n intro- of ekstroversiewe houding. Welford (Cooper, 1983 : 142) stel dit dat die persone met in introversiewe houding chroniese opwekking ervaar, wat veroorsaak dat hulle beter presteer onder eentonige (vervelige) toestande.

Opwekking blyk af te neem en minder geaffekteer te word deur verlies aan slaap of narkotiese middels. Persone met 'n introversiewe houding het dus 'n laer weerstand vir stres wat vanweë hul introversiewe aard, poog om stressors te vermy. (Basson (red), 1995 : 658).

Persone met 'n ekstroversiewe houding daarenteen is deurlopend op soek na stimulasie ten einde psigiese opwekking en prestasie te maksimeer. Hierdie deurlopende soeke na stimulasie is 'n direkte uitvloeisel van die ekstroversiewe houding. Persone met hierdie houding word dus meer blootgestel aan stressors, maar bou 'n weerstand op teen stres en help om die stressors te hanteer. (Basson (red), 1995 : 658)

In 'n studie deur Scalling (Cox, 1978 : 148) het resultate getoon dat persone met 'n ekstroversiewe houding minder negatiewe (slegte) gedagtes / gevoelens gehad het as persone met 'n introversiewe houding teenoor verwagte / waargenome eise. Volgens Eysenck & Eysenck, in Cox, (1978 : 140), is daar ook 'n verskil in die wyse waarop persone met 'n intro- Vs ekstroversiewe houdings 'n neurotiese episode hanteer.

Persone met 'n introversiewe houding ontwikkel disiemiese simptome terwyl persone met 'n ekstroverwiewe houding psigopatiese / histeriese simptome ontwikkel. Ten slotte blyk dit dat persone met 'n ekstroversiewe houding minder vatbaar is vir stres (Basson (red), 1995 : 658).

3.1.2 Tipe A / B Persoonlikheid

Hierdie persoonlikheidsverskynsel is in 1947 die eerste keer deur Dunbar beskryf. (Basson (red), 1995 : 659). Hy het waargeneem dat die meeste persone met koronêre hartvatsiekte siektes die volgende gedragseienskappe deel:

- Kompulsiewe strewe om te presteer
- Self dissipline
- Begeerte om ander te beheer

Hierdie konsep is verder deur kardioloë Friedman & Rosenman ondersoek. Volgens Friedman en Rosenman (Sarafino, 1994 : p118) word die Tipe A persoonlikheidsverskynsel gekenmerk aan die volgende drie (3) gedrags - eienskappe.

- Kompeterende suksesbereiking-oriëntasie

Hierdie oriëntasie behels dat individue deurlopend baie krities is teenoor hulself en deurlopend streef na die bereiking van gestelde doelwitte sonder die ervaring van geluk of vervulling in die bereiking daarvan.

- Verhoogde tydsbewustheid

Individue is in 'n deurlopende wedloop teen tyd. Hulle word maklik geïrriteer deur vertraginge en is geneig om afsprake op mekaar te maak. Daar word verder deurlopend gepoog om meer as een aktiwiteit op 'n slag te doen.

- Aggressie

Individue word maklik aggressief of aanvallend. Hierdie aggressie word soms openlik vertoon.

3 Tipe B persoonlikheidsverskynsel is die teenoorgestelde van die Tipe A verskynsel. Navorsing gedoen deur Strumpfer (Basson (red), 1995 : 661) toon aan dat die Tipe A persoonlikheidsverskynsel meer voorkom onder (bestuurders in SA) as in die VSA. Verder is die verskynsel ook meer teenwoordig in bestuurders in SA as in nie-bestuur personeel in SA. Moontlike redes hiervoor is die volgende:

- Vanweë die tekort aan hoog geskoolde werkers in SA is die druk op hierdie groep hoër.
- Die verlies aan ervaring vanweë vroeë bevordering na senior bestuursposte en die gepaardgaande verwagting om steeds te presteer.
- Tipe A "gedrag" word finansieel beloon.

Die volgende tabel is 'n samestelling van verskeie bronne ten opsigte van spesifieke eienskappe verbonde aan die Tipe A persoonlikheidsverskynsel. (Rice, 1992 : 92; Greenhaus, 1994 : 225-228; Basson (red), 1995 : 659-661; Chaiton, 1995 : 30; Bishop, 1994 : 141).

TIPE A	TIPE B
Voel skuldig indien ontspan.	Teenoorgestelde as Tipe A's.
Sien nie meer mooi in alle daagse nie.	Nooit ongeduldig en gejaagd.
Meer "having than being".	Geen vryvloeiende aggressie presenteer nie.
Chroniese gejaagdheid.	Wil niemand beïndruk nie, behalwe wanneer situasie dit vereis.
Kompeteer altyd, selfs met ander Tipe A's	Speel / neem deel om te ontspan / vir genot (nie kompetierend).
Kenmerkende gedragseienskappe ("ticks").	Kan ontspan sonder skuldgevoelens.
Wil alles en almal uitdruk in terme van syfers.	Minder kompetierend
Onseker oor eie status / posisie.	

TIPE A	TIPE B
Meer dominant in interpersoonlike verhoudings	
Rook meer en oefen minder.	
Eie waarde word bepaal deur materiële sukses.	

Tabel 3: Tipe A / B Persoonlikheid

Dit moet egter beklemtoon word dat, volgens Louw & Edwards (1993 : p661), daar geen verwantskap is tussen Tipe A / B persoonlikheidsverskynsel en effektiwiteit (bevoegdheid) nie. Beide behaal dieselfde resultate binne gegewe limiete. Tipe A individu reageer ook anders op stressors. Stressors word waargeneem as 'n bedreiging op Tipe A's se beheer oor kontrole, en dus reageer hierdie groep vinniger op die stressor. Verder is die gevoel dat Tipe A's meer blootgestel word aan stresvolle situasie, vanweë die kenmerkende gedragseienskappe wat geopenbaar word (Sarafino,1994 : 118).

3.1.3 Angs

Volgens Gillis (1996 : 160) is angs 'n emosionele staat van ontsteltenis die gevolg van antisipasie op 'n stresvolle (gevaarlike) situasie. Onderskeid word getref tussen karakter ang ("trait anxiety") en situasionele ang ("state anxiety").

Volgens Spielberger (in Rice, 1992 : 88) blyk karakter ang stabiel te wees oor tyd en plek. Individue met hoë karakter ang vlakke is geneig om deurlopend meer angstig te wees onafhanklik van die situasie. Relatief min / klein stressors is dus nodig om die stres respons te veroorsaak in individue met hoë vlakke van karakter ang. Die teenoorgestelde is waar van individue met lae vlakke van karakter ang. Situasionele ang daarenteen is tyd en plek (situasie) gebonde.

'n Voorbeeld van situasionele angs, is die student wat 'n belangrike eksamen moet aflê. 'n Individu met hoë vlakke van karakter angs loop dus 'n groter risiko as persone met laer vlakke van karakter angs van weë die akkumulerende effek van angs. Volgens Byrne & White (in Rice, 1992 : 89) is kennis rakende karakter- en situasionele angs belangrik vir navorsing rakende stres, aangesien beide klassifikasies, maar veral karakter angs, aanleiding gee tot chroniese stres.

3.1.4 Beheer / Lokus van kontrole

Volgens Sarafino (1994 : 109) kan beheer in vyf (5) tipes geklassifiseer word naamlik:

3.1.4.1 Gedragsbeheer (Behavioural control)

Gedragskontrole is die vermoë om aksies te neem / op te tree ten einde die impak van 'n stressor te verminder. Die belangrikste impak wat gedragsbeheer het is dat die individu nie werklik hoef op te tree / reageer in 'n sekere situasie nie. Die blote geloof / besef dat die individu beheer het, verlaag / verminder die stres (Bishop, 1994 : 159).

3.1.4.2 Kognitiewe beheer (Cognitive control)

Die vermoë om denkprosesse / gedagtes en strategieë te benut ten einde die stressor se impak te minimaliseer.

3.1.4.3 Besluitnemingsbeheer (Decisional control)

Die vermoë om te kan besluit tussen alternatiewe.

3.1.4.4 Inligtingsbeheer (Informational control)

Die geleentheid om vooraf inligting in te win rakende die toekomstige stressor. Inligtingsbeheer kan stres verminder aangesien dit die individu se vermoë verhoog om toestande te voorspel en dit die skepping van alternatiewe fasiliteer.

3.1.4.5 Retrospektiewe beheer (Retrospective control)

Retrospektiewe beheer het te make met die hoe / wie / waar / wat, wat verantwoordelik was vir die bestaan van die stressor. Na die belewing van 'n stresvolle situasie poog individue altyd om mening te gee aan die situasie binne hul bestaan. Alhoewel retrospektiewe beheer nie werklik beheer verleen nie, stel dit individue in staat om die stres wat ervaar is te modifiseer en dus die wêreld as 'n betekenisvolle en ordelike omgewing te ervaar.

Al vyf (5) bogenoemde klassifikasies van beheer dra by tot die vermindering van stres, maar dit blyk dat kognitiewe beheer deurlopend die hoogste waarde het (Sarafino, 1994 : 109). Kognitiewe beheer dra by tot die vermindering van subjektiewe stres beide voor en na die stresvolle situasie (Bishop, 1994 : 160).

Na aanleiding van die bespreking rakende verskillende klassifikasies van beheer, blyk dit dat individue verder ook verskil ten opsigte van die mate van beheer wat hulle het. Sommige voel dat hulle baie beheer het, terwyl ander voel dat hulle minder beheer het, en oorgelaat is aan eksterne bronne van beheer.

Volgens Meyer et al (1994 : 525) blyk hierdie sienings 'n uitvloeisel te wees van leerteoretiese benadering van selfkontrole. Rother (in Meyer et al, 1994 : 252) wys daarop dat individue met die verloop van tyd twee interpretasies ten opsigte van hul gedrag ontwikkel naamlik interne- en eksterne lokus van kontrole.

Individue met interne lokus van kontrole glo dat die resultaat van hul gedrag, die oorsaak is van hul gedrag. Hierdie individue ervaar dat hulle 'n groot mate van beheer uitoefen oor wat met hulle gebeur. Individue met 'n eksterne lokus van kontrole neig om te glo dat die resultaat van hul gedrag die gevolg is van eksterne invloede soos geluk, noodlot, toeval en die invloed van ander mense.

Hierdie individue glo dat hulle min of geen beheer kan uitoefen oor wat met hulle gebeur (Meyer et al, 1994 : 253; Rice, 1992 : 106-107).

Volgens Rice (1992 : 107) blyk dit dat individue wat oor 'n interne lokus van kontrole beskik groot psigiese energie gebruik om inligting in te samel ten einde besluitneming te vergemaklik. Dit stel hierdie individue instaat om beter te reageer op stressors wat die impak daarvan verminder. Individue met 'n interne lokus van kontrole blyk verder ook 'n meer direkte benadering te volg as individue met 'n eksterne lokus van kontrole ten opsigte van die hantering van stres (Bishop, 1994 : p161). Lokus van kontrole is egter nie 'n persoonlikheidskonstruk wat in afsondering funksioneer nie, maar kombineer met ander persoonlikheidskonstrukte, houdings, waardes en die relatiewe belangrikheid van die uitkoms. Die gekombineerde effek van bogenoemde bepaal die vlak van die stres ervaring.

Ten slotte speel self-effektiwiteit ("self Efficacy") ook 'n rol in die belewing van stres. Self-effektiwiteit is die geloof dat 'n individu wel sukses kan bereik in 'n taak (Meyer et al, 1994 : 245). Individue met 'n hoë vlak van self-effektiwiteit sal hulle blootstel aan die aktiwiteite waarin hulle glo dat hulle kan presteer. Hierdie individue is gewoonlik sterker gemotiveerd en sal langer volhard ten einde suksesvol te wees. Die teenoorgestelde is waar vir individue met 'n lae effektiwiteit. 'n Bose kringloop ontwikkel waar 'n lae self-effektiwiteit lei tot minder blootstelling, minder sukses en dus 'n nog laer self-effektiwiteit. Volgens Bandura (in Sarafino, 1994 : p110) het individue met 'n hoë vlak van self-effektiwiteit minder psigologiese en psigiese stres in reaksie op stressors, as individue met 'n lae vlak van self-effektiwiteit.

3.1.5 Psigiese gehardheid

Psigiese gehardheid is 'n kombinasie van karakteristieke intern tot die individu. Volgens Rice (1992 : 108) sluit dit die volgende eienskappe in :

3.1.5.1 Beheer / Kontrole

Sluit alle aspekte van kontrole / beheer in.

3.1.5.2 Verbintenis

Die verbintenis tot die self en eie doelwitte.

3.1.5.3 Uitdaging

Die belangrikheid van aspekte soos veiligheid, stabiliteit en voorspelbaar.

Individue met 'n hoër psigiese gehardheid sal met minder psigiese en psigologiese stres simptome presenteer as individue met 'n laer psigiese gehardheid (Kobasa in Basson (red), 1995 : 659). Pollock (in Rice, 1992 : 108) stel voor dat daar 'n direkte en indirekte verband is tussen psigiese gehardheid en psigiese- sowel as psigologiese aanpassing in persone met chroniese siektes. Die afwesigheid van psigiese gehardheid is 'n groter verlies as die blote teenwoordigheid daarvan binne 'n individu. Persone met 'n lae vlak van psigiese gehardheid evalueer meer situasies as negatief. Hierdie negatiewe taksering tesame met die verhoogde onvermoë om die situasies (stres) te hanteer vorm die kern van die belewing van stres (Rhodewalt & Zane in Rice, 1992 : 109).

3.1.6 Selfbeeld ("Self esteem")

Volgens Bishof (1994 : 166) verwys selfbeeld na 'n individu se gevoel / belewing van eie waarde. Selfbeeld vorm deel van die totale selfkonsep en bestaan uit drie konstrukte, naamlik selfagting ("self regard"), sosiale selfvertroue ("social confidence") en skolastiese vermoëns ("school ability") en twee (2) fisiese konstrukte naamlik fisiese voorkoms ("appearance") en vermoë ("ability") (Rice, 1992 : 109).

Individue met 'n hoë selfbeeld het 'n positiewe selfkonsep wat dien as buffer teen stres. Die positiewe selfkonsep veroorsaak dat die individu situasie as minder dreigend beoordeel. Die individu sal verder ook minder soos 'n mislukking voel indien negatiewe uitkomst presenteer.

3.1.7 Optimisme vs. Pessimisme

Dit blyk, volgens Basson (red) (1995 : 658), dat optimistiese individue meer stres weerstandig is as pessimistiese individue. Die rede hiervoor is die gevolg van die probleem gefokusde hantering meganisme wat optimistiese individue aanwend ten einde stres te hanteer. Verder benut hulle ook die beskikbare bronne van sosiale ondersteuning uit die omgewing.

3.2 Ekstern

3.2.1 Familie / Gesin


Vanweë die verskillende fases binne die familie - / gesinslebensiklus, dien die familie / gesin as "vrugbare" bron vir die ontstaan van verskeie stressore. Volgens Rice (1992 : 150) word die volgende fases binne die familie / gesins lewensiklus onderskei:

1. Kies van lewensmaat
2. Huweliksaanpassing
3. Familie beplanning
4. Skenk van geboorte
5. Kinder opvoeding
6. Loopbane afname
7. Aftrede

Volgens Cooper (1980 : 136) moet die volgende in ag geneem word indien daar na die familie / gesin gekyk word as eksterne stressor.

- Daar is 'n wederkerige verhouding tussen die familie / gesin en die werk. Beide beïnvloed mekaar positief en negatief.
- Aktuariese statistiek (egskedingsyfers ens.) is nie 'n absolute maatstaf nie aangesien faktore soos godsdiens en toegang tot regshulp ook 'n bepalende rol speel.

- Daar moet kennis geneem word van die feit dat die familie - / gesinslebensiklus 'n U-kurwe het. Daar is dus 'n afname in tevredenheid in die beginfase en 'n toenemende tevredenheid later. Hierdie siklus kan soos volg voorgestel word:



Figuur 6. Familie / gesin lewensiklus. (Cooper, 1980)

Eggenoot / Vennoot

Rice (1992 : 159) is van mening dat indien twee persone soortgelyke agtergrond, waardes en besluitnemingspatrone het, die oorgang (enkel na getroude) minder traumaties is. Stres ontstaan egter as gevolg van verskille in temperament en belangstelling. As gevolg van 'n breuk of verlies aan kommunikasie kan genoemde verskille lei tot 'n breuk in die verhouding, tot nadeel van die individu. Die eerste vyf (5) jaar van 'n huwelik is 'n hoë risiko tydperk.

Volgens Cooper (1980 : 137) is die frekwensie van egskeiding onder polisiebeamptes in die VSA nie hoër as ander groepe nie, maar het hulle in geheel die hoogste egskeidingskoers.

Paulsom, in Cooper (1980 : 138), het die volgende drie (3) universele faktore geïdentifiseer binne verskillende polisie-agentskappe in die VSA

- Daar blyk 'n verwantskap te wees tussen swak werkprestasie en swak / interpersoonlike verhoudinge (huwelik / verhoudings).
- Polisie-sinisme het 'n negatiewe effek op nuwe lede binne die eerste drie (3) jaar van diens (een derde ($\frac{1}{3}$) van alle nuwe lede skei binne die eerste drie (3) jaar.)
- Daar is 'n algemene hoë egskeidingskoers onder polisiebeamptes.

Soos vroeër genoem, is daar 'n wederkerige verhouding tussen familie / gesin en werk. Na aanleiding van navorsing deur Rafley (in Cooper, 1980 : 137) gee die volgende werkverwante oorsake aanleiding tot konflik in die familie / gesin:

- Vertraging in die ontwikkeling van vriendskapsbande buite die polisie.
- Probleme met die beplanning van sosiale geleenthede as gevolg van ongereelde ure.
- Geneigdheid om druk van werk na die huis (familie / gesin) te bring.
- Negatiewe effek van polisie se beeld op familie / gesin
- Bekommernis oor veiligheid.

Niederhoffer en Niederhoffer (in Cooper, 1980 : 137) het verder bevind dat eggenote van polisiebeamptes die volgende faktore voorhou as aanleidende stressore:

- Eggenote voel bedreig deur die "police groupie syndrome"
- Mans het vrouens as vennote (en omgekeerd).
- Skofwerk

3.2.1.1 Kinders

Die besluit rondom die voortbring al dan nie van kinders is gewoonlik die eerste struikelblok. Verder speel die hoeveelheid en tydsberekening 'n rol. Kwessies rondom die opvoeding van die kinders is 'n verdere bepalende faktor wat 'n uitwerking het op die belewing van stres deur die individu. Die toevoeging van kinders binne die gesin het verder ook 'n invloed op die hoeveelheid tyd wat ouers met mekaar spandeer. Indien enige van die twee die nuwe baba as mededinger sien ten opsigte van tyd en toegeneentheid van die eggenoot/e, sal stres ontstaan (Rice, 1992 : 159).

3.2.1.2 Huishoudelike beplanning

Hierdie faktor handel oor die daaglikse bestuur van die huishouding. Vanweë finansiële druk word beide man en vrou verplig om 'n voltydse loopbaan na te streef. Hierdie druk tesame met die bestuur van die huishouding veroorsaak stres by die individu.

3.2.1.3 Diverse faktore

Finansiële verpligtinge (Rice, 1992 : 160), die druk wat op broodwinners geplaas word deur die samelewing om te voorsien aan die behoeftes van hulle gesinne en onaanvaarbare hoë vlakke van misdaad (teen lede van die gesin) verhoog die individu se vlakke van stres.

3.2.2 Werk

Volgens Frank (in Meyer et al., 1994 : 447) beskou die verantwoordelike persoon sy werk as 'n roeping. Hierdeur kry die individu die geleentheid om 'n bydrae te lewer, vervul te raak en betrokke te raak by die lewe. Volgens Grass (in Levine & Scotch, 1970 : 65) speel die samelewing ook 'n rol.

Samelewing plaas 'n negatiewe waarde op ledigheid deurdat die genieting van ontspanning (nie-werk) altyd verduidelik moet word. Daar kan dus afgelei word dat werk 'n sentrale en baie belangrike tema binne die bestaan van die individu is.

By die beskouing van werk as aanleidende oorsaak (stressor) is dit noodsaaklik dat die wederkerige verhouding tussen individu en werkgewer in ag geneem word:

- Stres as gevolg van werk betrek beide die individu en organisasie.
- Stres as gevolg van werk het 'n nadelige uitwerking op beide die individu en organisasie.
- Stres as gevolg van werk benodig individuele sowel as organisatoriese oplossings.
- (Rice,1992 : 181)

Vanweë die belangrikheid van werk is dit dus voor-die-hand-liggend dat werk 'n primêre stressor is wanneer alle stressore, intern- sowel as ekstern, bespreek word. Die volgende werkverwante faktore word deur Greenhaus & Callanam (1994 : 225) (aangevul uit Rice,1992 : 187 ; Sarafino,1994 : 89 ; Basson (red), 1995 : 634) voorgehou as stressore wat kan aanleiding gee tot die ervaring van stres.

3.2.2.1 Organisasoriese eienskappe

- Sentralisasie en beperkte deelname in besluitneming.
- Swak kommunikasie.
- Swak opleiding / toesighouding.
- Vergoedingswanbalanse.
- Rigiede struktuur.

3.2.2.2 Werkvereistes

- Tydsdruk.

- Verantwoordelik wees vir ander werkers.
- Herhalende / eentonige werk.
- Kwalitatiewe- en kwantitatiewe oorlading / onderlading.
- Skofwerk.
- "Tegno" stres. (Stres veroorsaak deur tegnologie soos rekenaars, selfone ens.)

3.2.2.3 Roleienskappe

- Rolkonflik (Konflik as gevolg van konflikterende verwagtinge).
- Rol dubbelsinnigheid (Konflik as gevolg van 'n gebrek aan duidelikheid oor prestasie / verwagtinge).
- Rol oorlading / onderlading (Konflik as gevolg van te veel / te min werk).

3.2.2.4 Interpersoonlike verhoudinge

- Konflik binne en tussen werkgroepe.
- Onbedagsame / onbillike toesighouding.

3.2.2.5 Werkstoestande

- Geraas.
- Oormatige hitte / koue.
- Nie genoegsame werkspasie ("crowding").
- Swak ventilasie.

3.2.2.6 Loopbaanaangeleenthede

- Verandering van werk / werkplek.
- Veroudering.
- Bereiking van 'n loopbaan-plato.
- Bevooroordeling in die werkplek.
- Verlies aan werk / werksekuriteit.
- Aftrede.
- Geen of oorhaastige bevordering.

Die proses van stres as gevolg van werkverwante oorsake ("werkstres") word vervolgens kortliks bespreek (Greenhaus & Callanam, 1994 : 224)

Die individu word daaglik blootgestel aan werkstressors. Soos reeds vroeër in die hoofstuk bespreek, vind daar 'n kognitiewe valuering van die situasie plaas. Na aanleiding van persoonlike karaktereienskappe word stres in 'n mindere of meerdere mate ervaar.

Die individu se hanteringstrategieë, tesame met ondersteuning, word ingespan ten einde te poog om ewewig te bereik.

Indien ewewig nie bereik word nie, ontstaan daar fisiese, emosionele, kognitiewe en/of gedragsprobleme wat aanleiding gee tot verhoogde werksontevredenheid, verminderde deelname, afwesigheid, personeelomset en werksondoeltreffendheid. Vanweë die besondere aard van die ondersoekgroep wat gebruik word in die studie, naamlik die polisiebeampte, is dit nodig dat meer spesifiek gefokus word op stressors binne hierdie groep se werkopset. In navorsing, gedoen deur die Sentrum vir die bestudering van Geweld en Rekonsiliasie (Marks, 1995) is die volgende stressors bepaal:

3.2.2.7 Verandering binne die Suid-Afrikaanse Polisie diens (Demilitarisering van polisie)

In die verlede was die Suid-Afrikaanse Polisie diens verantwoordelik vir die instandhouding van die apartheidstelsel. Na demokratiese verkiesings in 1994 het hierdie rol dramaties verander en was die Suid-Afrikaanse Polisie diens getaak met die toepassing van nuwe regte en voorregte voortvloeiend uit die nuwe grondwet (Wet 108 van 1996) en Handves van menseregte. Verder het toenemende druk gelei tot wetgewing wat regstellende aksie en onbillike diskriminasie regverdig (Wet 55 van 1998). Die inwerkingstelling van 'n nuwe visie van gemeenskapspolisiëring het verder bygedra tot die problematiek as gevolg van die paradigmatuif vanaf 'n polisiemag na 'n gemeenskapsgeoriënteerde diens.

3.2.2.8 Beeld van 'n goeie polisiebeampte

Die persepsie bestaan dat 'n goeie polisiebeampte 'n persoon moet wees wat fisiek sterk is. Brute krag was as 'n voorvereiste vir 'n hoë arrestasie koers geag. Lede wat nie by hierdie persepsie kon aanpas nie, word op 'n syspoor geplaas ten opsigte van bevordering en sosiale aanvaarding.

3.2.2.9 Daaglikse polisiewerk

Welbekend is die feit dat polisiewerk uiters gevaarlik is. Lang werksure tesame met die deurlopende blootstelling aan uiters traumatiese voorvalle van geweld, takel die psigologiese welstand van lede af. Verder kan hierdie faktore aanleiding gee tot post traumatiese stres sindroom en moontlike selfmoord.

3.2.2.10 Verlies aan erkenning

Die verlies aan erkenning demotiveer lede. Verder is die verlies aan respek uit die gemeenskap sowel as die media ten opsigte van polisiebeamptes demoraliserend.

3.2.2.11 Kollektiewe bedinging

Kollektiewe bedinging is 'n nuwe konsep binne die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Die verdere stryd tussen SAPU (Suid-Afrikaanse Polisie Unie) en POPCRU (Police & Prison Civil Rights Union) ten opsigte van werwing van lede veroorsaak onenigheid tussen lede van dieselfde eenheid en lei tot 'n negatiewe Esprit-de-Corps.

3.2.2.12 Gebrek aan hanteringsmeganismes en ondersteuning

Die ondersteuningsdienste binne die Suid-Afrikaanse Polisie diens lewer dienste aan lede maar as gevolg van 'n persepsie dat vertroulikheid nie gehandhaaf word nie en 'n gebrek aan genoegsame personeel is hierdie dienste nie effektief nie. Die probleem, tesame met vroeëre faktore wat 'n rol speel in die familie / gesin wys duidelik dat die hanteringsstrategie en ondersteuning onvoldoende is.

Die volgende polisie-spesifieke faktore (stressore), verkry uit Cooper en Marshall (1988 : 145-154) werp meer lig op die onderwerp van die stressore waaraan polisiebeamptes blootgestel word.

3.2.3 Spesifieke werksfaktore

3.2.3.1 Toerusting

Die gebrek aan toerusting en gedurige oponthoud as gevolg van defektiewe toerusting, sowel as die feit dat, vanweë die aard van die werk, polisiebeamptes se lewens daagliks afhanklik is van die beskikbaarheid en funksionering van allerlei toerusting (kommunikasietoerusting, voertuie ens.), maak toerusting 'n baie belangrike faktor binne die werkopset.

3.2.3.2 Skofwerk:

Uit talle navorsingstudies blyk dit dat skofwerk 'n negatiewe uitwerking het op die neuro-fisiologiese ritmes van die mens. Volgens Selye (uit Cooper & Marshall, 1980 : 146) raak skofwerk egter minder stresvol as gevolg van die individu se vermoë om aan te pas by die situasie. Geen empiriese bewyse is gevind tussen stresverwante siektes in die polisie en skofwerk nie, maar opnames toon dat skofwerk 'n aanleidende werkstressor is. Die rede hiervoor is dat gedurig-veranderde skofwerk 'n negatiewe invloed het op die gesinslewe en dat prestasie, die gevolg van 'n onvermoë om in die dag te slaap, swakker is. Polisiebeamptes moet verder op ongereelde tye vir lang tydperke in die hof verskyn, wat die impak van skofwerk vererger.

3.2.3.3 Werkoorlading / - onderlading:

Oor- of onderlading kan kwantitatief (te veel werk) en kwalitatief (werk is te moeilik) van aard wees. Kwalitatiewe werkoorlading binne die polisie is die gevolg van verwagtinge wat op polisiebeamptes geplaas word deur die samelewing en deur bestuur, terwyl kwantitatiewe oorlading afhanklik is van faktore soos personeelgetalle, bedieningsareas van dienssentrums, ens.

Twee aannames bestaan rondom die kwessie van werkonderlading. Die eerste aanname volgens Rubenstein (in Cooper & Marshall (red), 1980 : 146) is dat onderlading verveeldheid stimuleer. Hierdie verveeldheid veroorsaak moegheid, gee aanleiding tot sensoriese deprivasie, wat lei tot sielkundige agteruitgang (regressie). Verder word dit ook gestel dat periodes van verveeldheid veel skadeliker is wanneer dit gevolg word deur periodes van verhoogde fisiese en psigiese gereedheid.

Die tweede aanname van Davidson, Harrison en Hurrell (in Cooper & Marshall (red), 1980 : 147) is dat onderlading geen wesenlike rol speel in werktevredenheid nie. Die redenasie is dat polisiebeamptes hierdie periodes van verveeldheid en skielike fisiese en psigiese gereedheid beskou as inherente aspekte van die werk en dus nie so 'n groot rol speel in werktevredenheid nie.

Een aspek wat egter 'n groot rol speel binne die veld van oor-en onderlading sowel as verveeldheid, is die groot hoeveelheid papierwerk wat gedoen moet word. Die frustrasie verbonde aan spandering van tyd en energie in die afhandeling van papierwerk is universeel in die polisie. Hierdie frustrasie word vererger aangesien polisiebeamptes nie die doel of belangrikheid verstaan vir die doen van papierwerk nie. Die gevoel is dat tyd en energie "vermors" word terwyl dit op misdaad voorkoming spandeer kan word.

3.2.3.4 Geregshowe

Hierdie stressor is uniek aan polisiewerk. Die algemene gebrek aan bedagsaamheid van howe ten spyte van die bepaling van hofverskyningsdatums, en die lang ure wat in howe spandeer word, speel hier 'n groot rol. Polisiebeamptes beleef verder frustrasie as gevolg van sekere juridiese prosedures, oneffektiwiteit van die howe en die uitslag van hofsake. 'n Groot meerderheid polisiebeamptes is van mening dat howe te toegeeflik is teenoor misdadigers.

3.2.3.5 Fisiese gevaar

Daar word algemeen aanvaar dat fisiese gevaar waaraan polisiebeamptes blootgestel word 'n groot aanleidende stressor is binne die werkopset. Navorsing toon dat situasies wat 'n moontlikheid van gevaar of gewelddadige konfrontasie bevat die grootste stressors is. Geen beduidende negatiewe korrelasie is egter gevind tussen waargenome vlakke van spanning as gevolg van 'n situasie en die mate waartoe polisiebeamptes hou van die situasie nie. (Cooper & Marshall (red), 1980 : 148) Indien die situasie dus gevaarlik / gewelddadig is en die polisiebeampte hou nie van die situasie nie, sal die resulterende ervaring van stres hoër wees.

3.2.3.6 Rol in die organisasie

Soos reeds vroeër genoem, word daar onderskei tussen rolkonflik, rol dubbelsinnigheid en rol oor-of onderlading. 'n Verder faktor wat 'n rol speel is die verantwoordelikheid vir ander persone en hul veiligheid. Hierdie faktor het die potensiaal om 'n noemenswaardige stressor te wees, aangesien die riglyne vir besluitneming binne polisie-werk minder gedefinieerd is.

'n Aspek wat egter deurgaans uitgesonder word as aanleidend tot rolkonflik is die behoefte wat by polisiebeamptes bestaan om stygende vlakke van misdaad te beperk.

Die konflik tussen die effektiewe toepassing van wette teenoor die handhawing van konstitusionele regte blyk erg problematies te wees. 'n Verdere aanleidende rolkonflik stressor is die negatiewe houding van die gemeenskap teenoor polisiebeamptes. Die rolkonflik en rolverwagtinge wat ontstaan tussen polisiebeamptes en die gemeenskap gee aanleiding tot isolasie en 'n lae moraal. Hierdie gevolge kan op hul beurt weer aanleiding gee tot "oor aggressiewe" polisiëring gesien in die lig van die feit dat die polisiebeamptes die samelewing sien as vyand en omgekeerd.

3.2.3.7 Loopbaanaangeleenthede

Navorsing deur Brook (Cooper & Marsahll, 1980 : 151) toon aan dat geen, of oorhaastige bevordering aanleiding gee tot stres. Ontevredenheid met die bevorderingsbeleid en onsekerheid oor loopbane blyk aanleidende stressore te wees binne die sfeer van die polisiebeampte.

Hierdie twee faktore gee veral aanleiding tot personeelomset en kan negatiewe kompetisie tot gevolg hê wat groepkohesie beïnvloed.

Besoldiging, indien nie in lyn met die verantwoordelikheid (en nie gevaar van die werk nie), is 'n verdere stressor. Talle polisiebeamptes moet twee "werke" behartig. Hierdie situasie gee aanleiding tot moegheid, negatiewe werkseffektiwiteit en die moontlikheid dat die polisiebeampte homself in 'n kompromiterende posisie kan bevind.

3.2.3.8 Interpersoonlike verhoudinge

Gesonde interpersoonlike verhoudinge is essensieel ten einde werksukses te maksimeer terwyl 'n verlies aan ondersteuning en swak interpersoonlike verhoudings aanleidend is tot die ontstaan en ervaring van stres. Alhoewel oormatige kompetisie tussen polisiebeamptes ongesond is, gee lojaliteit en die vrees dat 'n mede-kollega in die steek gelaat sal word, voortdurend motivering om te werk. Sterk klem word gelê op gesonde hiërargiese- sowel as kollegiale verhoudinge en deurlopende ondersteuning. Laastens word gewys op die rol wat konflik en angs, die gevolg van verskille ten opsigte van konformering tot en erkenning van kollegiale verwagtinge, speel binne interpersoonlike verhoudinge.

3.2.3.9 Organisasiestruktuur en -klimaat

Kantoorpolitiek, gebrek aan deelname en konsultasie en beperkinge op sekere gedrag, is faktore wat organisasiestruktuur en -klimaat beïnvloed. Verhoogde deelname gee aanleiding tot hoër vlakke van produktiwiteit, verhoogde prestasie, laer personeelomset en beter fisiese en psigiese gesondheid (Trench & Caplan uit Cooper & Marshall, 1980 : 154).

'n Verdere aanleidende werkstressor binne die polisiemilieu blyk ontevredenheid met administrasie te wees. Dit kom verder voor dat polisiebeamptes ontevrede is as gevolg van die feit dat hulle insette nie gevra word in die daarstelling van beleid en prosedures wat hulle direk raak nie. 'n Algemene ontevredenheid met bestuur is verder deurgaans teenwoordig.

3.2.3.10 Veranderinge in lewensomstandighede / Sosiale aanpassing

Volgens Rice (1992 : 215) blyk daar 'n verband te wees tussen versnelde sosiale aanpassing en die ontstaan en belewing van stres. Sosiale aanpassing, volgens Holmes & Masuda, in Rice, 1992 : 216, dui op die intensiteit en tydsverloop benodig vir aanpassing / akkomodering van lewensgebeurtenis ("life events"), onafhanklik van die wenslikheid / begeerlikheid van die gebeurtenis. Navorsing in hierdie veld is gedoen deur Holmes & Rahe (Rice, 1992 : 215) sowel as Dohrenwend & Dohrenwend. (Rice, 1992 : 215) Hierdie navorsing was as gevolg van twee vraagstukke : (Rice, 1992 : 215)

- Watter verandering in lewensomstandighede was die mees stresvolste?
- Watter fisiese probleme, indien enige, het ontstaan as gevolg van hierdie verandering in lewensomstandighede?

Die resultaat van die navorsing was die "Social Readjusting Rating Scale". (Rice, 1992)

Rangorde	Lewensgebeurtenis	LCU
1.	Dood van huweliksmaat	100
2.	Egskeiding	73
3.	Tydlike verandering in huwelik status	65
4	Tronkstraf	63
5.	Dood van nabye familielid	63
6.	Persoonlike besering of siekte	53

University of Pretoria etd - Westraat, A P - 2003

7.	Huwelik	50
8.	Verlies van werk	47
9.	Huweliksversoening	45
10.	Aftrede	45
11.	Verandering in gesondheid van familielid	44
12.	Swangerskap	40
13.	Seksuele probleme	39
14.	Toevoeging van nuwe familielid	39
15.	Besigheids aanpassing	39
16.	Veranderinge in finansiële status	38
17.	Dood van nabye vriend/in	37
18.	Verandering van werk	36
19.	Toenemende argumente met huweliksmaat	35
20.	Huisverband meer as R 100 000 - 00	31
21.	Oproeping van verband of lening	30
22.	Veranderinge in verantwoordelikhede by die werk	29
23.	Seun of dogter wat die huis verlaat	29
24.	Probleme met skoon familie	29
25.	Uitstaande persoonlike prestasies	28
26.	Eggenoot/e begin / hou op met werk	26
27.	Begin / verlaat met skool	26
28.	Verandering in lewensomstandighede	25
29.	Hersiening van persoonlike gewoontes	24
30.	Probleme met die Toesighouer by die werk	23
31.	Verandering van werksure / omstandighede	20
32.	Verandering van woning	20
33.	Verandering van skole	20
34.	Verandering van tydverdryf / vermaak	19
35.	Verandering van kerk aktiwiteite	19
36.	Verandering van sosiale aktiwiteite	18

37.	Huisverband of lening minder as R100 000 - 00	17
38.	Verandering van slaap gewoonte	16
39.	Verandering van aantal veranderinge van familie byeenkomste	15
40.	Verandering van eetgewoontes	13
41.	Vakansie	13
42.	Kersfees	12
43.	Geringe wetsoortredings	11

Tabel 4: "Social Readjusting Rating Scale".

Verder is die begrip "life changing units (LCU)" (Rice, 1992.) ook ontwikkel. Die volgende belangrike inligting het voortgevloei uit hierdie navorsing:

- Lewensgebeurtenisse ("life events") hoef nie noodwendig ekstreem te wees ten einde stres te ontwikkel / ervaar nie.
- Lewensgebeurtenisse kan positief of negatief, gereeld of ongereeld wees.
- Drie (3) van die tien mees "stresvolle" lewensgebeurtenisse / sosiale aanpassings geleentheid is gekoppel aan veranderinge in huwelikstatus.
- Agt (8) van die tien mees "stresvolle" lewensgebeurtenisse / sosiale aanpassings geleentheid is familie / gesin verwant.
- Lewensgebeurtenisse / sosiale aanpassings geleentheid hoef nie noodwendig sleg / nadelig te wees ten einde die ontstaan van stres te akkommodeer nie. Volgens Selye (uit Cooper, 1993: p2) is die ontstaan van stres onafhanklik van die gunstigheid (lekker / sleg) van 'n stressor. Die individu reageer dieselfde op beide stressore.

3.2.4 OMGEWING

Vervolgens word gefokus op die rol van die omgewing as stressor. Stres vanweë

omgewingsfaktore / stressors kan verder lei tot anti-sosiale gedrag (Basson (red), 1995 : 638). Onderskeid word getref tussen korttermyn katastrofale gebeure / stressore (aardbewings / vloede ens.) wat ongereeld of selde plaasvind en deurlopende, chronologiese gebeure / stressore (geraas besoedeling, lugbesoedeling, oorpopulasie ens.) (Rice, 1992 : 244). Vir die doel van die navorsing word gefokus op laasgenoemde agtergrondstressore ("ambient stressors").

3.2.4.1 Geraasbesoedeling

Drie (3) faktore speel 'n rol in die bespreking rondom geraasbesoedeling (Rice, 1992 : 255):

3.2.4.1.1 Intensiteit

Hoë intensiteit geraas (musiek word per implikasie ingesluit) kan, indien blootstelling deurlopend meer as 100 desibels is, negatiewe gevolge vir 'n individu inhou. Permanente gehoorskade tot gevolg kan hê.

3.2.4.1.2 Voorspelbaarheid

In die algemeen is voorspelbare geraas minder steurend / stresvol as onvoorspelbare geraas. Volgens Rice (1992 : 255); Hoe meer onvoorspelbaar en inkonsekwent, hoe meer stresvol is die geraas.

3.2.4.1.3 Beheerbaarheid

Beheer oor geraas negeer die negatiewe gevolge daarvan.

3.2.4.2 Lugbesoedeling

Lugbesoedeling het 'n direkte invloed op die fisiese gesondheid van 'n individu. Vanweë die nou verband tussen fisiese gesondheid en die ervaring van stres is dit duidelik dat deurlopende blootstelling aan lugbesoedeling (passiewe rook word per implikasie ingesluit) aanleidend kan wees tot 'n verhoogde ervaring van stres.

3.2.4.3 Oorpopulasie

Twee (2) faktore, naamlik digtheid en samedromming ("crowding"), speel 'n belangrike rol by oorpopulasie. (Rice, 1992 : 260). Digtheid is die fisiese kondisie van oorpopulasie terwyl samedromming verwys na sielkundige toestand, gekarakteriseer deur die ervaring van stres en motiveringsgedrag (pogings ten einde ongemak te verminder).

Die volgende is gevolge van oorpopulasie: (Rice, 1992 : 260-261)

- Hoë digtheid veroorsaak 'n negatiewe gemoedstoestand
- Afhangende van die mate van beheer wat die individu het, kan psigologiese opwekking (Hoër bloeddruk, sweet ens.) beheer word.
- Siekte neem toe namate oorpopulasie toeneem.
- Verhoogde aggressie en onttrekking volg as gevolg van oorpopulasie.

4 HOOFSTUK 4 SIMPTOME VAN STRES

Simptome van stres kan in vier (4) interafhanklike velde verdeel word, naamlik:

- Fisiologiese / Fisiese simptome.
- Psigologiese / Kognitiewe simptome.
- Behaviouristiese simptome.
- Emosionele simptome.

Voordat die fisiologiese simptome van stres bespreek word, volg 'n bondige opsomming van die biochemiese - en gepaardgaande fisiologiese veranderinge tydens blootstelling aan 'n stressor / stres. Volgens Michal (1991 : 29 vind die volgende plaas:

Die liggaam word tweeledig voorberei op 'n respons tydens blootstelling aan 'n stressor / stres. Die outonome senuweestelsel vir korttermyn-respons, en die endokriene stelsel vir langtermyn-respons.

4.1 Outonome senuweestelsel

Die outonome senuweestelsel bestaan uit twee (2) komponente naamlik, die simpatiese - en parasimpatiese senuweestelsel. Beide stelsels funksioneer gelyktydig, maar een stelsel is altyd dominant (aktief) terwyl die ander ondergeskik (passief) is. Die parasimpatiese senuweestel is dominant in tye van rus.

Die volgende is kenmerke van die dominante funksionering van hierdie stelsel:

- Asemhaling is stadig en gebalanseerd.
- Hart tempo is stadig.
- Bloeddruk is verlaag.
- Liggaamstemperatuur is laer.

Die simpatiese senuweestelsel is die VEG of VLUG stelsel. Aktivering geskied deur die hipotalamus. Die volgende is kenmerke van die dominante funksionering van hierdie stelsel (Rice, 1992 : 126):

- Verhoogde bloeddruk.
- Verhoogde bloedtoevoer na groot, aktiewe spiere met 'n gepaardgaande afname en bloedtoevoer na interne organe (spysverteringstelsel ens.).
- Verhoogde energieverbruik.
- Verhoogde bloedsuikervlakke.
- Verhoogde energievrystelling in die spiere.
- Verhoogde spierkrag.
- Verhoogde kognitiewe / psigiese aktiwiteit.
- Verhoogde bloedstollingkapasiteit.

Die respons van die simpatiese senuweestelsel is onmiddellik en word versterk deur die endokriene stelsel.

4.2 Endokriene stelsel


Tydens die blootstelling aan enige fisiese / psigiese stressor word die amigdala, deel van die limbiese sisteem in die brein verantwoordelik vir oorlewing en ander emosionele komponente, gestimuleer. Die neurale respons van die amigdala gee aanleiding tot 'n hormonale respons van die hipotalamus waar kortikotropien hormone dan vrygestel word. Die pituitêre klier word hierdeur gestimuleer en stel dan adreno-kortikotropiese hormone ("ACTH") vry.

Hierdie vrystelling gee aanleiding tot die vrystelling van 'n reeks hormone deur die biniere. Die medulla van die biniere skei adrenalien sowel as noradrenalin af, terwyl die korteks van die biniere kortisol en aldosteroon vrystel. Adrenalin het 'n kragtige uitwerking op die hart en verhoog die tempo sowel as sterkte van die hartklop. Hierdie hormoon het naasteby dieselfde uitwerking as die simpatiese senuweestelsel.

University of Pretoria etd - Westraat, A P - 2003

Kortisol veroorsaak die omskakeling van opgebergde energie in glukose. Volgens Rice (1992 : 127) gee kortisol ook aanleiding tot die onderdrukking van die immuunsisteem.

Die volgende skematiese voorstelling dien as opsomming vir voorafgaande bespreking (Rice, 1992):



Figuur 7. Biochemie van stres.

4.3 Fisiologiese / Fisiese simptome

4.3.1 Die immuunstelsel

University of Pretoria etd - Westraat, A P - 2003

Die immuunstelsel is die liggaam se verdedigingsmeganisme teen skadelike elemente. Twee (2) tipes selle naamlik T-selle en B-selle word vervaardig ten einde immuniteit te verseker. Oorspronklik is aanvaar dat die immuunstelsel onafhanklik funksioneer en slegs onderskei tussen die self en die nie-self. Ader (in Rice,1992 : 131) stel egter voor dat die immuunstelsel geïntegreer is met ander fisiologiese stelsels ten einde homeostase te verseker.

Resente navorsing (Baker,1987 ; Jemmot & Locke,1984 in Rice,1992 : 132) stel voor dat stres die funksionering van die immuunstelsel beïnvloed deurdat stres die liggaam se weerstand verlaag deur die onderdrukking van immuniteitselle (T & B). Die gevolg hiervan is 'n verhoging in frekwensie en intensiteit van siekte. Verlaagde weerstand gee ook aanleiding tot vertraagde herstel van bestaande siekte. Verder is teenliggaam respons laer indien die gemoedstoestand van die individu negatief is.

Volgens Dantzer en Kelley,(Rice,1992 : 132) speel die volgende faktore 'n rol in die effek wat 'n gegewe stressor het op die immuunsisteem van die individu:

- Aard van stressor.
- Tydperk van blootstelling aan stressor.
- Frekwensie van stressor.
- Tydsberekening van stressor.

4.3.2 Die kardiovaskulêre stelsel

Na aanleiding van die bespreking rakende die veranderinge in die outonome senuweestelsel en endokrienestelsel, is dit voor-die-hand-liggend dat deurlopende of verlengde periodes van blootstelling die individu se vermoë om te reageer laat afneem en gee dit aanleiding tot permanente toestande van hoë bloeddruk en 'n verhoogde risiko vir hartvatsiektes en hartaanvalle.

Die eienskappe soos vroeër beskryf in die tipe A gedragpatroon vererger die toestand. Volgens Burke & Deszca (Greenhaus & Callanan, 1994 : 227) het Tipe A's 'n twee-keer groter kans om aan 'n hartaanval te sterf. Navorsing deur Friedman & Rosenman (Greenhaus & Callanan, 1994 : 227) het die verwantskap tussen Tipe A gedrag en hartaanvalle daargestel.

4.3.3 Die spysverteringstelsel

Probleme met die spysverteringstelsel, met verwysing na maagsere (peptiese ulkus), skyn ook deels toegeskryfbaar te wees aan deurlopende blootstelling aan stressors (Rice, 1992 : 141). Volgens Michal (1991 : 181) is gevind dat deurlopende blootstelling aan ervaring van stres 'n verlaging in die sink ("zink") vlakke het. Hierdie verlaging veroorsaak 'n verswakking in selverdeling en funksionering van die slymerige maagwand, wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n maagseer (peptiese ulkus).

Volgens Michal (1991 : 75-103) word die volgende simptome geassosieer met verlengde blootstelling aan stres / stressors.

4.3.3.1 Vetsug

Vanweë die verhoogde metabolisme van 'n individu in 'n toestand van stres kan vetsug ontwikkel vanweë 'n ongebalanseerde dieet, of 'n individu wat te

University of Pretoria etd - Westraat, A P - 2003

veel eet.

Die verband tussen vetsug en hartvatsiektes sowel as hoë bloeddruk is bekend, maar ander gesondheidsprobleme soos lewerdisfunksie, galstene en diabetes kom ook voor. Verder is vetsug nie slegs 'n oorsaak van stres nie, maar dien dit ook as stressor wat ervaring van stres vererger.

4.3.3.2 Diabetes

Die vrystelling van suiker (glukose) in die bloedstroom tydens die stresreaksie, tesame met die inhiberende invloed van adrenalien op insulien (verantwoordelik vir die verwydering van suiker in die bloedstroom) kan indien die toestand langdurig van aard is, aanleiding gee tot die ontwikkeling van diabetes (Michal, 1991 : 77)

4.3.3.3 Veluitslag

Die inhiberende uitwerking van stres op die immuunstelsel, met die gepaardgaande onvermoë van die liggaam om opportunistiese siektetoestande effektief te bekamp, gee aanleiding tot die ontstaan van sekere soorte veluitslag, sowel as die verergering van bestaande veluitslag. Soos in die geval van vetsug, is veluitslag 'n direkte simptome, maar ook aanleidende stressor tot die belewing van stres (Michal, 1991 : 79).

4.4 Psigologiese / Kognitiewe simptome


Volgens Greenhauw & Callanan (1994 : 224) kan optimale vlakke van stres aanleiding gee tot hoër produktiwiteit, kreatiwiteit en algehele effektiewe funksionering. Deurlopende blootstelling aan stressors / deurlopende belewing van stres is egter ongesond en gee aanleiding tot psigologiese / kognitiewe oneffektiwiteit. Hierdie oneffektiwiteit sluit die volgende in:

- Besluitloosheid.
- Vergeetagtigheid.

- Swak oordeel.
- Verwagtinge van perfeksonisme.
- Onsamehangende gedagtes.
- Sensitiwiteit vir kritiek.

Die verband tussen optimale vlakke van stres en gepaardgaande effektiwiteit / produktiwiteit, kan skematies soos volg uitgebeeld word (Quick & Quick in Greenhaus & Callanan, 1994 : 226).

Stres en effektiwiteit / produktiwiteit (Quick & Quick in Greenhaus & Callanan, 1994 : 226).



Figuur 8. Stres en produktiwiteit / effektiwiteit.

4.5 Gedragsimptome simptome

Gedrag is 'n direkte uitvloeisel van die kognitiewe en emosionele stand van die individu, sowel as houdings, waardes en kulturele ankers. Die logiese uitvloeisel van chroniese beleving van stres is dus 'n verandering in gedrag van die individu.

Greenhaus & Callanan(1994 : 227) stel die volgende gedragsimptome voor as tipierend van 'n individu wat deurlopend aan stres blootgestel word:

- Verandering in alkoholgebruik.
- Verandering in rookgewoontes.
- Verandering in eetgewoontes (skielike verlies / toename in gewig).
- Asemhalingsprobleme.

Die relatiewe gemak en beskikbaarheid van alkohol as gevolg van die bestaan van baie plekke waar dit beskikbaar is (kantene) gee verder aanleiding tot verhoogde alkoholgebruik.

'n Verandering in seksuele aktiwiteit, sowel as prestasie, is 'n direkte uitvloeisel van chroniese blootstelling aan stres (Michal,1991 : 97). Ander simptome wat hiermee geassosieer word, is impotensie, premature ejakulasie en 'n verlies aan selfvertroue.

4.6 Emosionele simptome

Die wanbalans in neuro-chemikalië (hormone) as gevolg van die stresrespons is 'n aanleidende oorsaak tot die ontstaan van sielkundige probleme en die verergering van bestaande probleme. Depressie, geassosieer met serotonien en noradrenalin funksionering, is die mees algemene probleem wat geassosieer word met stres. (Michal,1991 : 89) Verder speel die emosionele welstand van die individu 'n belangrike rol in die bestaan en ervaring van depressie.

Gepaardgaande emosionele simptome is as volg:

- Verhoogde gevoel van aggressie.
- Gevoel van desperaatheid.
- Bekommernis.
- Voel alleen.
- Voel onseker.
- Voel skuldig.
- Emosioneel getap.

Greenhaus & Callanan(1994 : 227) stel die volgende emosionele simptome voor.

- Apatiese gevoelens.
- Verveeld / Traak-my-nie-agtige houding.
- Algemene negatiewe ingesteldheid.

Gesonde wisselwerking tussen kognitiewe funksionering, emosionele beleving en gedrag is baie belangrik vir algehele effektiewe funksionering. Stres affekteer al hierdie velde en gee dus aanleiding tot oneffektiwiteit en algemene negatiewe prestasie.

5 HOOFSTUK 5 STRESHANTERING

Die voorafgaande bespreking het gehandel oor die verskeie modelle van stres, stressors sowel as simptome van stres. Die bespreking wat volg sal handel oor die hanteringstrategieë wat benut word ten einde die belewing van stres te akkommodeer.

Streshantering, volgens Matheny (in Rice, 1992 : 269) word gedefinieer as enige aksie, gesond of ongesond, bewustelik of onbewustelik, ter voorkoming of eliminerings van stressors. Verder sluit dit ook aksies in wat die effek van stressors verminder, of die individu in staat stel om stressors te hanteer op die mees gesonde wyse.

Streshantering vind fisiologies, sowel as psigologies plaas (Cox, 1978 : 53). Die fisiologiese respons is reeds vroeër bespreek (Hoofstuk 4) en dus sal daar gefokus word op die psigologiese respons.

5.1 Veg, Vlug, Vries

Navorsing deur Cannon (Cox, 1978 : 53) het gewys op twee waarneembare patrone van respons / hantering naamlik VEG of VLUG. Gray (Cox, 1978 : 53) het 'n derde respons patroon naamlik die VRIES hierby gevoeg. Hierdie patrone blyk direkte hanteringsmeganismes te wees wat ingespan word vir die hantering van stres.

Navorsing deur Lazarus dui eweneens op twee hanteringstrategieë, naamlik direkte aksie en verbloeming ("palliation") (Cox, 1978, : 79-82). Dit kan soos volg voorgestel word:

Tabel 5: Hanteringstrategieë (Cox,1978, : 79-82)

Direkte Aksie	Verbloeming	
	Simptoom Gebasseerd	Intra-Psigies Gebasseerd (Kognitief)
Vorbereiding teen gevaar	Gebruik van alkohol	Identifikasie
Aggressie (VEG)	Ontspanningsoefeninge	Verplasing
Ontvlugting (VLUG)		Onderdrukking
		Ontkenning
		Reaksie formasie
		Projeksie
		Intellektualisering

'n Tweede model vir die bespreking van hanteringstrategieë is ontwikkel deur Matheny (Rice,1992 : 271). Hierdie model stel voor dat stres hantering beskryf kan word in terme van aktiewe / aanvallende hantering ("Combative coping") en voorkomende hantering ("Preventative coping").

5.2 Aktiewe hantering

Aktiewe hantering vind plaas indien 'n stressor aanleiding gee tot reaksie. Hantering fokus op die verwydering / vermindering van die uitwerking van die stressor.

5.2.1 Voorkomende hantering

Voorkomende hantering het ten doel om die ontstaan van stres te vermy. Laasgenoemde vind plaas deur middel van kognitiewe herstrukturering of 'n toename in weerstand teen die effek van stres. Deur kognitiewe herstrukturering word die persepsie dat eise aan die individu gestel word, verminder.

Tabel 6: Voorkomende en aktiewe hantering van stres. (Rice,1992 : 271)

Voorkomende Hantering	Aktiewe Hantering
<ol style="list-style-type: none"> 1. Vermyding van stressors deur 'n verandering in lewensomstandighede. 2. Evaluering van gestelde eise ten einde balans tussen eise en hulpbronne te verkry. 3. Verandering van gedrag wat aanleiding gee tot stres. 4. Ontwikkeling van hanteringshulpbronne. <ol style="list-style-type: none"> 4.1 Fisiologiese hulpbronne 4.2 Psigologiese hulpbronne <ol style="list-style-type: none"> Selfvertroue Beheer Selfbeeld 4.3 Kognitiewe hulpbronne <ol style="list-style-type: none"> Effektiewe tydbestuur Akademiese vaardigheid 4.4 Sosiale hulpbronne <ol style="list-style-type: none"> Hulp uit gemeenskap Vriendskapsbande 4.5 Finansiële hulpbronne 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Monitor stressors en simptome van stres. 2. Organisering van hanteringshulpbronne. 3. "Aanval" van stressors. <ol style="list-style-type: none"> 3.1 Probleem oplossing. 3.2 Selfgeldendheid. 3.3 Desensitering 4. Verdraagsaamheid ten opsigte van stressors. <ol style="list-style-type: none"> 4.1 Kognitiewe herstrukturering (heroorweging van bestaande persepsies) 4.2 Ontkenning 4.3 Fokus van sensasie beleving 5. Afname in opwekking (fisies of psigies) <ol style="list-style-type: none"> 5.1 Ontspanning. 5.2 Katarsis. 5.3 Self medikasie. 5.4 Bekendmaking.

6 HOOFSTUK 6 AGTERGROND: DURBAN HONDE-EENHEID

Die Honde-eenheid funksioneer as 'n spesialiseenheid binne die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Lede verbonde aan hierdie eenheid word op 'n daaglikse grondslag blootgestel aan situasies waar hulle persoonlike veiligheid en lewe op die spel geplaas word. Hierdie lede word na tonele van ernstige geweld uitgeroep waar daar van hulle verwag word om leiding te neem in die opspoor en arrestasie van verdagtes wat gewoonlik gewapen is.

Lede word in meeste gevalle slegs deur ander lede van die eenheid of ander lede van spesialiseenhede soos die Anti-Kapingseenheid bygestaan. 'n Verdere probleem is dat lede van die honde-eenheid, in sommige gevalle, nie volle vertroue het in die ondersteuningsdiens wat gelewer word deur patrollievoertuie van ander stasies nie.

Die benutting van 'n polisie hond tydens die arrestasie van verdagtes stel die lede bloot aan potensiële kriminele aanklagte. Tydens Junie 1999 was daar 74 uitstaande kriminele klagtes teen 65 % van alle hondegeleiers in die Durban honde-eenheid. Sommige lede het vyf of ses uitstaande aanklagte van aanranding, 'n direkte gevolg van die benutting van die polisie hond, teen hulle. Die hoë werkslading van die howe en regstelsel in Suid Afrika is alombekend, en dus kan die Direkteur van Openbare Vervolging soms maande neem om 'n besluit te neem ten opsigte van verdere vervolging. Die situasie word vererger indien lede staatsbeskerming en finansiële ondersteuning ontsê word.

Die kriminele aanklagte teen lede van die eenheid het nie slegs 'n uiters demoraliserende uitwerking op die lede alleen nie, maar gee ook aanleiding tot 'n afname in produktiwiteit. Lede is deurgaans onder druk om te presteer, maar voel dat hulle nie die nodige ondersteuning kry ten einde hulle pligte uit te voer nie. Verder is dit ook die beleid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens dat geen lid se bevordering oorweeg kan word as daar enige uitstaande kriminele aanklagte teen hom /haar is nie.

Sodoende word die lede dus direk en indirek, gestraf vir die werk wat gedoen word. Lede verbonde aan ander, minder gevaarlike eenhede word bevorder en dit veroorsaak 'n gevoel van verwyd tussen lede verbonde aan die honde-eenheid en ander lede.

'n Verdere gevolg van kriminele klagtes wat teen lede gelê word, is dat lede verplig is om op rusdae hofsittings by te woon. Alhoewel hierdie probleem buite die beheer van die Suid-Afrikaanse Polisie diens is, bly dit steeds 'n wesenlike probleem. Tyd wat lede in die hof deurbring veroorsaak dat hulle steeds minder tyd by familie en ander ondersteuningsbronne spandeer.

Daar bestaan by lede verbonde aan die honde-eenheid, net soos lede in die breër Suid-Afrikaanse Polisie diens, onsekerheid oor hulle toekoms. Aspekte wat veral van belang is, is salarisverhogings, bevorderings en loopbaanvooruitsigte. Die Suid-Afrikaanse Polisie diens is tans besig met 'n beleid van regstellende aksie om die wanbalans van die verlede te herstel. Hierdie proses dra verder by tot die onsekerheid wat lede ervaar.

Die laaste, en moontlik die belangrikste aspek waarmee lede verbonde aan die eenheid moet saamleef is die dood van ander lede van die eenheid. Die dood van 'n lid het 'n domino-effek op die produktiwiteit en moraal van alle lede en word bevestig deur die volgende, soos voorgestel in tabel 7 en 8.

Tabel 7: Tabel van redes vir ontslag voor Mei 1998. (Soos verskaf deur Honde-eenheid.)

Ontslag, mediese verlof en mediese ongeskiktheid 12 maande voor Mei 1998		
Ontslag	Mediese verlof	Mediese ongeskiktheid
1 Lid	3 Lede	1 Lid

	Stres, Depressie, Angsversteuring	Besering aan diens
--	--------------------------------------	--------------------

Tabel 8: Tabel van redes vir ontslag na Mei 1998. (Soos verskaf deur Honde-eenheid.)

Ontslag, mediese verlof en mediese ongeskiktheid 12 maande na Mei 1998		
Ontslag	Mediese verlof	Mediese ongeskiktheid
6 Lede	11 Lede	3 Lede
Finansieel, Emigrasie	Stres, Depressie, PTSD, Angsversteuring, Peptiese ulkus	Stres, PTSD

Alhoewel nie al die ontslagte en lede op mediese verlof toegeskryf kan word aan die dood van een lid in die eenheid nie, is dit duidelik dat die dood van die lid as verswarende faktor gedien het.

Na aanleiding van 'n onderhoud met ene Superintendent MacNicol op 9 November 1999, blyk dit dat die druk om te presteer 'n wesentlike probleem is by lede van die honde-eenheid. Vanweë die bestaan van spesifieke doelwitte en standaarde van dienslewering, verkeer lede onder geweldige druk om gestelde doelwitte te behaal. Lede begin ervaar dat daar geen uitkoms uit die situasie is nie.

6.1 Werwing, keuring en opleiding

Soos reeds vroeër genoem, is die honde-eenheid 'n spesialisiteit binne die Suid-Afrikaanse Polisie. Dit beteken dat die eenheid nie direk nuwe rekrute van die opleidingskolleges kan werf nie.

6.1.1 Werksbeskrywing

Die honde-eenheid beskik verder oor 'n standaard werksbeskrywing wat die spesifieke pligte van lede verbonde aan die eenheid omsluit. Die pligte is as volg :

- Misdaadvoorkoming in Durban en areas.
- Patrolliedienste in Durban en areas.
- Die bywoon van alle klagtes wat deur Radiobeheer, of enige ander persoon daartoe gemagtig, uitgestuur word.
- Enige ander dienste in terme van Afdeling 5 van die Polisiewet en S.M.O 16 (D) 1990 (Polisie Honde)
- Spesiale dienste, grensdienste, kursusse en enige ander dienste soos per instruksie van die eenheidsbevelvoerder.
- Dienste van 'n toesighoudende aard en besoeke aan ander lede van die diens soos per instruksie.
- Verseker dat alle instruksies uitgevoer word deur lede onder u bevel.
- Die volgende instruksies moet te alle tye nagekom word :
- Alle algemene staande orders, finansiële staande orders en staande orders ten opsigte van voorrade soos verskaf deur persone in senior poste.

Die Polisiewet.

S.M.O. (A) 3A van 1987.

Stasie orders

- Hofdienste.
- Dienskamerdienste.
- Bywoon van klagtes.
- Gebruik en veilige bewaring van vuurwapens.
- Bomdreigemente.
- Mediese aangeleenthede.
- Radioprocedures.
- Gebruik, kontrole en beskikking oor amptelike registers.

University of Pretoria etd - Westraat, A P - 2003

- Mobiliseringsbevele.
- Kamp - en dienskamerdienste.
- Siekverlof en die rapportering van siekte.
- Brandinstruksies.
- Gebruik van diensbus (vervoer na- en van werk).
- Ongemagtigde toegang tot dienskamer en hondehokarea.
- Bywoon van alle stasielesings.
- Bywoon van opleidingsgeleenthede, deelname in bestuursvergaderings en enige ander vergaderings van tyd tot tyd in belang van die Suid-Afrikaanse Polisie diens en Honde-eenheid.

Algemeen.

- Die lid moet hom / haar vergewis en op hoogte bring, en hou, van alle opdragte soos vervat hierbo.
- Die lid moet produktief, effektief en doelmatig bly in die uitvoering van sy / haar pligte.
- Die lid is persoonlik verantwoordelik vir die sorg en goeie gesondheid van die polisie hond wat onder sy / haar beheer geplaas word.
- Die lid is verantwoordelik vir die goeie hantering en instandhouding van enige staatstoerusting wat aan hom / haar toevertrou word in die uitvoering van enige dienste.
- Die lid moet te alle tye 'n positiewe beeld van die Suid-Afrikaanse Polisie diens, en Honde-eenheid in die besonder, uitdra teenoor ander lede van die polisie diens en lede van die publiek.
- Die lid moet te alle tye gesonde gemeenskapsbande smee en versterk en moet deurlopend regverdig en onpartydig sy / haar dienste verrig.
- Die lid moet homself / haarself op hoogte bring, en hou, met die visie, missie en doel van die SA Polisie diens en met die prioriteite en doelwitte van die Honde-eenheid, soos uiteengesit in die strategiese plan.

Dit is duidelik dat lede verbonde aan die Honde-eenheid duidelik behoort te weet

wat van hulle verwag word.

6.1.2 Werkspesifikasie

Die volgende werkspesifikasies dien as basiese riglyne vir rekrute wat belangstelling toon in 'n moontlike oorplasing na die honde-eenheid.

6.1.2.1 Ouderdom

20 - 25 jaar.

6.1.2.2 Huwelikstatus

Verkieslik ongetroud.

6.1.2.3 Geslag

Manlik of vroulik.

6.1.2.4 Vorige ondervinding

Minimum twee (2) jaar funksionele polisiëring.

Kode 08 bestuurderslisensie.

Konstabel / Sersant.

6.1.2.5 Fisiese vereistes

Vry van beserings en fiks.

Geen vorige been - of gewrigsbeserings wat opleiding moontlik kan beïnvloed nie.

Aanvaarbare siekverlofrekord tydens die afgelope twee (2) jaar.

Geen spraakprobleme.

Moet in staat wees om 'n volgroeide polisie hond te kan hanteer.

Moet in staat wees om fisiek en emosioneel stresvolle aktiwiteite vir ten minste vyf jaar te kan hanteer.

Moet kan swem.

6.1.2.6 Psigologiese vereistes

Moet stabiel en emosioneel volwasse wees.

Moet nie ly aan claustrofobia nie.

Geen geskiedenis van post traumatiese stres sindroom (PTSD),
angsversteurings of enige ander depressiewe gemoedsversteurings nie.

6.1.2.7 Huislike omstandighede

Moet verkieslik 'n stabiele huislike omgewing ervaar.

Finansiële verpligtinge binne redelike perke.

Eggenoot /e of verloofde moet aansoek om oorplasing en proeftydperk ten volle ondersteun.

Geen misbruik van enige afhanklikheidsvormende substansie nie.

6.1.2.8 Produktiwiteit

Moet te alle tye kollegiale en eenheidsgestelde standarde bereik.

6.1.2.9 Onafhanklikheid

Moet sonder deurlopende toesig en leiding kan funksioneer.

Moet oor die vermoë beskik om probleme te definieer en besluite te neem in spanningsvolle, hoë risiko situasies.

6.1.2.10 Opleiding

Moet instaat wees om opleiding te kan deurloop en moet verworwe kennis kan implementeer in werksituasie.

Moet bereid wees om deurlopend opleiding te ontvang, en moet leergierig van aard wees.

6.1.2.11 Kreatiwiteit

Moet innoverend en kreatief wees en ywerig wees in optrede en uitvoering van take.

Moet met eie idees en planne vorendag kom ten einde unieke probleme op te los.

Toon hoë vlakke van selfvertroue in eie vermoëns en vaardighede.

6.1.2.12 Verantwoordelike sin

Moet beskik oor die vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar vir eie aksies.

6.1.2.13 Drukhantering

Moet gewillig wees en oor die vermoë beskik om op 'n deurlopende grondslag onder hoë vlakke van fisiese en emosionele druk take uit te voer.
Moet kan funksioneer as individu en as lid van 'n span.
Moet aangeleerde tegnieke en akademiese kennis kan toepas in hoë druk situasies.

6.1.2.14 Ingesteldheid

Moet ingestel wees om deurlopend 'n diens aan die publiek te lewer.
Moet diplomaties, taktvol en hoflik met alle individue van alle vlakke van die samelewing en demografiese verspreiding kan wees.
Moet bereid wees om van hulpvaardig te wees met minder aangename take.

6.1.2.15 Dissipline

Mag geen vorige kriminele oortredings op rekord hê nie.
Mag geen klagtes of onafgehandelde ondersoeke uitstaande hê nie.
Persoonlike integriteit moet bo verdenking wees.
Moet bereid wees om in te skakel by die Honde-eenheid se werkwyses en bepaalde organisasiekultuur.
Moet die beeld van die SA Polisie diens, en Honde-eenheid in besonder, deurlopend uitbou en handhaaf.

6.1.2.16 Algemeen


Moet bereid wees om gestelde standaarde en vereistes, soos uiteengesit, te aanvaar.
Moet bereid wees om indiensopleiding te deurloop.
Moet deurlopend professioneel, produktief en in 'n fisies en emosioneel gesonde staat wees ten einde take af te handel

6.1.3 Struktuur en samestelling

Die eenheid bestaan uit drie kleiner eenhede, naamlik die Durban eenheid, Durban-Suid eenheid en die Umhlali eenheid, ongeveer 60 kilometer noord van Durban.

Die struktuur van die eenheid in geheel is as volg :

Figuur 9: Organisasie struktuur van Honde-eenheid.



Personeelgetalle binne die onderskeie eenhede is as volg :

Tabel 9: Personeel getalle: Durban Honde-eenheid

	Durban	Durban Suid	Umhlali
Hoeveelheid lede	55	24	11

Tabel 10: Demografiese verspreiding van Durban Honde Eenheid

Blank	Indiër	Swart	Kleurling
56	26	16	2

Bostaande getalle sluit slegs aktiewe onderoffisiere in. Administratiewe pligte word hanteer deur tien (10) siviele personeellede verbonde aan die eenheid. Die eenheid is tans ongeveer 45 % onder die aanbevole personeelsterkte.

6.1.4 Prioriteite en doelwitte

Soos alle ander eenhede binne die Suid-Afrikaanse Polisie word die Durban Honde-eenheid se werksaamhede gerig en beoordeel, aan die hand van 'n strategiese plan. Hierdie plan is in lyn met die nasionale direktief vanaf Hoofkantoor. Die Durban Honde-eenheid se strategiese plan vir 1999 / 2000 (as voorbeeld) bevat vyf (5) hoof prioriteite en 'n aantal doelwitte wat bereik moet word.

6.1.4.1 Prioriteit 1

Verhoogde effektiwiteit in die werkomgewing

6.1.4.1.1 Doelwit 1.1

Verhoog die vlak van operasionele effektiwiteit van hondegeleiers

6.1.4.1.2 Doelwit 1.2

Uitbreiding van dienste wat gelewer word aan ander spesialiseenhede ten

uitvoering van hulle take

6.1.4.1.3 Doelwit 1.3

Verhoog die hoeveelheid misdaadbekampingsoperasies deur die Honderdeenhede van een per kwartaal na een per maand.

6.1.4.2 Prioriteit 2

Verhoog professionele optrede.

6.1.4.2.1 Doelwit 2.1

Verminder die nalatige en roekelose benutting van polisiehonde en klagtes teen lede van die polisie diens met 50 %.

6.1.4.2.2 Doelwit 2.2

Verhoog en handhaaf die optimale benutting van voertuie vir operasionele gebruik.

6.1.4.3 Prioriteit 3

Verhoog produktiwiteit

6.1.4.3.1 Doelwit 3.1

Verhoog die individuele benutting van honde op misdaadtonele en die arrestasie van oortreders van prioriteitsmisdade met 10 %.

6.1.4.4 Prioriteit 4

Pro-aktiewe polisiëring (opleiding)

6.1.4.4.1 Doelwit 4.1

Verhoog die bewustheid van die jeug ten opsigte van die gevare van dwelms en ander narkotiese substansie.

6.1.4.5 Prioriteit 5

Misdaadvoorkoming

6.1.4.5.1 Doelwit 5.1

Benutting van die honde-eenheid as 'n effektiewe en aanpasbare misdaadvoorkomingshulpbron.

Die bereiking van bostaande prioriteite en doelwitte word op 'n kwartaallikse grondslag beoordeel en korrektiewe stappe word onmiddellik geneem ten einde wanprestasie te herstel en voorkom.

Die ernstige tekort aan personeel word vererger as daar in ag geneem word dat die honde-eenheid bykans die mees produktiewe eenheid binne die Durban area is. Statistiek vir die tydperk Januarie 1999 tot November 1999 (as voorbeeld), verskaf deur Supt MacNicol (Bevelvoerder : Honde-eenheid : Durban), bevestig bostaande :

Tabel 11: Werkstatistiek: Januarie 1999 tot November 1999

	Durban	Durban Suid	Umhlali
Arrestasies vir ernstige misdade	1801	611	523
Benutting van honde	6183	3029	749
Gesteelde voertuie opgespoor	263	214	72
Vuurwapens gekonfiskeer	201	78	18
Totale arrestasies	1944	651	633

7 HOOFSTUK 7 Metode van ondersoek

7.1 Navorsingstrategie

Vanweë die komplekse aard van die fenomeen wat ondersoek word, is daar op die opnamemetode as navorsingstrategie besluit. Die volgende redes dien as motivering vir hierdie besluit:

7.1.1 Motivering

- Die strategie kan toegepas word ten einde beskrywende - sowel as ondersoekende navorsing te doen.
- Vanweë die aard van die populasie / bevolking wat ondersoek word, kan die beste resultate verkry word deur hierdie strategie.
- Die strategie akkommodeer nabetraging van die fenomeen wat ondersoek word.
- Beheer kan uitgeoefen word oor die veranderlikes binne die veld van die navorsing.
- Die strategie kan in die toekoms herhaal word indien opvolgstudies binne dieselfde populasie / bevolking gedoen wil word.
- Die strategie is koste-effektief in terme van finansiële - en tydsbeperking.
- Deur middel van statistiese manipulasie van die verkreeë data kan sekere tendense en korrelasies bepaal word.

7.1.2 Voor – en nadele van die opnamemetode as navorsingstrategie

Soos met alle navorsingstrategieë is daar sekere voor – en nadele verbonde aan die opnamemetode as navorsingstrategie. Die voordele verbonde aan die strategie is as volg:

- Die opnamemetode as navorsingstrategie is relatief eenvoudig om toe te pas.
- Vanweë die fisiese teenwoordigheid van die navorser kan verseker word dat verwarring en onsekerheid ten opsigte van die invul van die vraelyste tot 'n

minimum beperk word.

- 'n Relatief hoë responskoers kan verseker word deur ingeligte toestemming vir deelname aan die navorsingsprojek.

Nadele verbonde aan die strategie is as volg:

- Die geloofwaardigheid van die navorsing kan in twyfel getrek word vanweë die feit dat respondente self die inligting verskaf en die navorser se onvermoë om die inligting te verifieer.
- Die navorser het geen wyse om vas te stel of all respondente vrae op dieselfde wyse interpreteer en beantwoord nie.
- Vanweë die aard van die opnamemetode kan respondente wat 'n neutrale houding teenoor die fenomeen onder bespreking gehandhaaf het, verplig word om 'n standpunt in te neem as gevolg van die invul van die vraelyste of die fisiese teenwoordigheid van die navorser.

7.1.3 Stapte in navorsingstrategie

Die stapte in die opnamemetode as navorsingstrategie wat gevolg is in hierdie studie, was soos volg:

7.1.3.1 Stap 1

Die navorser het die betrokke respondente gekontak, en afsprake gereël vir die afneem van die vraelyste (Biografiese vraelys, Simptomevraelys, Ervaring van Werk en Lewensomstandighede Vraelys (WLV) en die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF)). Bogenoemde vraelyste is afgeneem onder toestand soos voorgeskryf deur die opstellers daarvan.

7.1.3.2 Stap 2

Bogenoemde vraelyste is hierna nagesien en data is sorgvuldig nagegaan ten einde enige moontlike berekeningsfoute uit te skakel.

7.1.3.3 Stap 3

Na verifiëring van die data is dit ingesleutel op die rekenaar ten einde statistiese manipulasie te vergemaklik. Die SPSS Base 10.0 statistiese sagteware pakket is gebruik vir die statistiese manipulasie van die verkreeë data.

7.1.4 Statistiese datamanipulasie

Nie-parametriese statistiese metodes is gebruik ten einde die verkreeë data te gemanipuleer. Die volgende redes hiervoor is as volg:

- Die ondersoekgroep vir die navorsingsprojek is beperk en bestaan uit drie en dertig (33) respondente .
- 'n Verskeidenheid metingsvlakke (ordinaal, nominaal en ratio) is gebruik in die vraelyste.
- Die verkreeë data het nie 'n normaalverspreiding nie. (Sien bespreking van resultate vir skeefheid en kurtose koëffisiënte.)
- Nie-parametriese statistiese metodes berus op veel minder aannames.

7.1.4.1 Beskrywende statistiek

Sekere karakteristieke en wetmatighede kan sinvol, meer beknopt en noukeuriger weergegee word. Ten einde die data te beskryf (beskrywende statistiek) is frekwensietabelle, gemiddeldes, standaardafwykings, standaardfout van die gemiddeld, kurtose en skeefheidskoëffisiënte bereken vir alle data en dit word dienooreenkomstig bereken in die volgende hoofstuk.

7.1.4.2 Verbandstatistiek

Verbandstatistiek stel die navorser in staat om ooreenkomste en verwantskappe tussen verskillende stelle gegewens noukeurig te beskryf. Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënt, sowel as Kendall se rangordekorrelasie en Spearman se rangordekorrelasiekoëffisiënt (ρ) is bepaal ten einde verbande te beskryf.

Vervolgens volg 'n bespreking rakende die onderskeie vraelyste en psigometriese instrumente wat gebruik is vir die inwin van data.

7.2 Vraelyste en psigometriese instrumente

7.2.1 Biografiese vraelys

Die biografiese vraelys sluit die volgende klassifikasieveranderlikes in (Nominaal- sowel as ordinale metingsvlak.):

- Geslag.
- Ouderdom.
- Rang.
- Aantal jare diens (Volledige tydperk verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens).
- Aantal jare in eenheid (Volledige tydperk verbonde aan die Durban Honderd).
- Huwelikstatus.
- Aantal afhanklikes.
- Ras.
- Hoogste kwalifikasie
- Taalvoorkeur.

7.2.2 Simptomevraelys

7.2.2.1 Rasionaal

Die rasionaal van die simptomevraelys is om inligting in te win rakende die diverse simptome wat geassosieer word met die belewing / ervaring van stres.

Alhoewel verskeie simptome in afsondering ander fisiese / psigologiese oorsake kan hê, blyk die ervaring / belewing van 'n reeks aanverwante fisiese-, emosionele-, kognitiewe- en behaviouristiese simptome aanduidend te wees tot die ervaring / belewing van stres. Deur middel van 'n intervalmetingsvlak word daar van die respondent verwag om 'n aanduiding te gee van die teenwoordigheid of belewing van 'n spesifieke simptome gedurende ses (6) maande voor aflegging van die vraelys. Die volgende simptome vorm deel van die vraelys:

7.2.3 Fisiese simptome

Stywe spiere / Spierpyn

Spanningshoofpyn

Verandering in eetlus

Sweterige hande

Borskaspyn

Moegheid / Lusteloosheid

Peptiese ulkus

Hoë bloeddruk

Hartkloppings

Impotensie

Senuweetrekkings

Kortasem

Droë mond en keel

Spysverteringstelselprobleme (diaree, hardlywigheid ens.)

Sooibrand

Oormatige frons

Naarheid

7.2.4 Emosionele simptome

Voel angstig / bang

Voel gefrustreerd

Voel aggressief /kwaad

Voel teleurgesteld

Voel verveeld / traak-my-nie-agtig

Voel emosioneel getap

Voel desperaat

Voel hartseer

Voel skuldig

Voel bekommerd

Voel alleen

Voel dat dinge buite beheer raak

Voel onseker

Voel teruggetrokke

7.2.5 Denkpatroon simptome

Besluitloos

Swak konsentrasie

Vergeetagtig

Sensitief vir kritiek

Verward

Onsamehangende gedagtes

Swak oordeel

Pessimisties

Obsessiewe gedagtes
Verwag dat alles / almal perfek moet wees
Selfmoordgedagtes

7.2.6 Gedragsimptome

Emosionele uitbarstings
Eetversteurings / Verandering in eetpatroon
Oormatige rokery
Impulsiewe / spontane optrede
Aggressiewe optrede
Slaapversteurings / Verandering in slaappatrone
Kompulsiewe gedrag
Dalende aktiwiteitsvlakke
Wring van hande
Gooi / skop voorwerpe
Verhoogde / roekelose gebruik van geld
Verhoogde / verlaagde seksuele aktiwiteit
Afwesig van werk sonder 'n geldige rede
Verloor belangstelling in familie / gebeure ens.
Helder drome / terugflitse
Gebrekkige motivering
Verhoogde skrikreaksie

7.3 Die Ervaring van Werk en Lewensomstandighede Vraelys (WLV)

7.3.1 Rasionaal

“Met die WLV word gepoog om nie net die vlak nie, maar ook die oorsake van stres te meet” (Van Zyl & Van der Walt, 1991 : 1) Die WLV gee 'n aanduiding of 'n respondent normale, hoë of baie hoë vlakke van stres ervaar en tweedens word voorgestel wat die oorsaak/e is wat aanleiding gee tot die ervaring / belewing van stres.

'n Respondent wat dus met 'n hoë telling op die items respondeer, ervaar 'n hoë vlak van stres en 'n hoë vlak van stres gaan gepaard met probleme vanuit die omgewing (Van Zyl & Van der Walt, 1991 : 4)

7.3.2 Beskrywing van vraelys

Die vraelys bestaan uit twee afdelings, naamlik die ervaring van werk, en omstandighede en verwagtinge.

7.3.2.1 Ervaring van werk

Hierdie afdeling gee 'n aanduiding van die vlak van stres van die respondent (Normaal, Hoog, Baie hoog). 'n Hoë telling dui op 'n hoë vlak van stres.

7.3.2.2 Omstandighede en verwagtinge

Hierdie afdeling gee 'n aanduiding van die oorsake van die respondent se vlak van stres.

7.3.2.2.1 Omstandighede

Omstandighede as oorsaak van stres kan binne en / of buite die werksituasie gesetel wees.

7.3.2.2.2 Organisasiefunksionering

Hierdie subveld fokus op die respondente se verwagtinge ten opsigte van deelname in besluitneming, vertroue in bestuur, effektiewe organisasiestruktuur, positiewe bestuursklimaat, erkenning vir goeie werk en oop kommunikasiekanale met toesighouers (Van Zyl & Van der Walt, 1991 : 6)

7.3.2.2.3 Taakeienskappe

Taakeienskappe verwys na 'n reeks aspekte wat inherent te make het met die werk. Aspekte wat gedek word, sluit in om werk betyds klaar te kry, om oor voldoende kennis en inligting te beskik, om volle verantwoordelikheid vir werk te aanvaar, nuwe idees toe te pas, outonoom binne die pos te kan funksioneer, nie instruksies te ontvang wat strydig is met vorige instruksies nie, nie onder onnodige tydsduur

te funksioneer nie, genoeg werk het om besig te bly en gevarieerde take tydens die uitvoering van die werk te kan doen. Verder tot hierdie aspekte is om take te verrig sonder dat die aard daarvan 'n persoon in konflik / spanning met ander bring, moeilike / ongemaklike liggaamlike eise gestel word, eie sowel as ander se lewe in gevaar gestel word, die gehalte van lewe negatief beïnvloed word en dat aaneenlopende hoë vlakke van konsentrasie vereis word.

7.3.2.2.4 Fisiese werkomstandighede en werkstoerusting

Aspekte wat beoordeel word is of werkstoerusting altyd beskikbaar is, in 'n werkende toestand is en of genoemde werkstoerusting onder voldoende fisiese werksomstandighede kan funksioneer.

7.3.2.2.5 Loopbaanaangeleenthede

Hierdie subveld fokus op die respondente se verwagtinge ten opsigte van die moontlikheid van verdere opleiding, benutting van talente, om vooruitgang te kan maak in die werk en om sekerheid te hê dat die huidige pos behou gaan word.

7.3.2.2.6 Sosiale aangeleenthede

Aspekte hier ter sprake is of die respondent aansien in die werk kan geniet, positiewe verhoudings met bestuur sowel as kollegas kan handhaaf en dat redelike sosiale eise gestel word.

7.3.2.2.7 Vergoeding, byvoordele en personeelbeleid

Die veld meet die respondente se verwagting om voldoende vergoeding / salaris en byvoordele te ontvang, sowel as om onder 'n regverdigte personeelbeleid te funksioneer.

7.3.3 Geldigheid

7.3.3.1 Inhoudsgeldigheid

Die WLV beskik oor voorkoms – sowel as logiese geldigheid. (Items binne die vraelys is deur 'n paneel deskundiges geëvalueer en daar word dus aanvaar dat die WLV oor voorkomsgeldigheid beskik) (Van Zyl & Van der Walt, 1991 : 22)

7.3.3.2 Konstruktiegeldigheid

Konstruktiegeldigheid is deur middel van die intra -, sowel as intertoets metode bevestig. (Toetse gebruik vir die intertoetsmetode is die 16 PF sowel as die PHSF verhoudingsvraelys.) (Van Zyl & Van der Walt, 1991 : 22)

7.3.4 Betroubaarheid

Betroubaarheid van die WLV is deur middel van die toets – hertoets, en Kuder Richardson 8 betroubaarheidskoëffisiënte bepaal. (Die toets – hertoets metode het vier (4) weke uitmekaar plaasgevind).

Betroubaarheidskoëffisiënte vir die Kuder – Richardson 8 formule wissel tussen 0.83 en 0.92 en toets – hertoets betroubaarheidskoëffisiënte wissel tussen 0.62 en 0.80 (Van Zyl en Van der Walt 1991 : 21). Op grond van hierdie resultate word die betroubaarheid van die WLV as bevredigend beskou.

7.4 Die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16 PF) SA 92 weergawe

7.4.1 Rasionaal

Die 16 PF, SA 92 is 'n welbekende vraelys en word gebruik vir die evaluering van persoonlikheid. Die 16 PF is deur R B Cattell in die VSA ontwikkel deur middel van faktor ontleding van 18 000 personeelbeskrywings deur Allport en Odbert (Prinsloo, 1992 : 4). Na afloop van die faktor ontleding is daar sestien (16) primêre – of 1e orde faktore blootgelê.

Hierdie primêre faktore word beskou as universele en relatief stabiele kernpersoonlikheidstrekke. Sinvolle interpretasie van die inligting vind plaas aan die hand van sestien eerste-orde faktortellings en vyf of meer tweede-ordefaktortellings (Prinsloo, 1992 : 4), en persoonlikheidsbeskrywings en gedragsvoorspellings van toetslinge word gemaak op grond van hul lewering van response op items binne die vraelys.

7.4.2 Beskrywing

Die sestien eerste-orde faktore kan as volg geklassifiseer word:

Tabel 12: Beskrywing van 16 PF eerste-orde faktore. (Prinsloo, 1992 : 7-8)

Faktor	Beskrywing van lae telling	Beskrywing van hoë telling
A	Terughoudend, afgetrokke, krities, afsydig	Hartlik, goedhartig, sorgeloos, deelnemend
B	Konkrete denke, laer intelligensie	Abstrakte denke, skerpsinnig
C	Beïnvloed deur gevoelens, emosioneel labiel, gou ontsteld, laer egosterkte	Emosioneel stabiel, kalm, kyk die werklikheid in die oë, hoë egosterkte
E	Nederig, gehoorsaam, beïnvloedbaar, insiklik, onderdanig	Selfgeldend, onafhanklik, aggressief, onversetlik, dominant
F	Sober, ernstig, swygsaam	Geesdriftig, onverskillig, onbesorg, sorgvry
G	Opportunisties, verontagsaam reëls en verpligtinge, laer superego sterkte	Konsensieus, volhardend, moralisties, ordelik, hoër superego sterkte
H	Skaam, ingetoë, bedeesd, sensitief vir bedreigings	Waaghalsig, voortvarend, ongebonde, vrymoedig
I	Hard, op self aangewese, realisties, geen illusies nie	Teerhartig, afhanklik, oorbeskermend, sensitief
L	Vertrouend, aanpasbaar, nie jaloers nie, maklik om mee klaar te kom	Agterdogtig, wantrouig, moeilik misleibaar
M	Prakties, versigtig, konvensioneel, gerig deur eksterne werklikhede, betaamlik	Verbeeldingryk, verstrooid, verstrengeld in interne eise, onoplettend ten opsigte van praktiese
N	Reguit, natuurlik, sonder pretensie, sentimenteel, ongekunsteld	Listig, berekend, wêreldwys, skerpsinnig
O	Bedaard, selfversekerd, selfvoldaan, rustig, onbesorg, genoegsaam	Bevreesd, vol selfverwyf, depressief, bekommerd, skuldgeneigd

Faktor	Beskrywing van lae telling	Beskrywing van hoë telling
Q1	Konserwatief, eerbiedig gevestig idees, verdraagsaam met betrekking tot tradisie	Ondersoekend, krities, liberaal, analities vrydenkend, radikaal
Q2	Groepafhanklik, "aanhanger" en goeie volgeling	Selfgenoegsaam, vindingryk, verkies om self besluite te neem
Q3	Laks, minag sosiale reëls, onbeheersd, volg eie drange, lae selfsentiment	Selfbeheer, sosiaal korrek, selfdisipline, kompulsief, wilskrag, sterk selfsentiment
Q4	Ontspanne, rustig, traag, ongefrustreerd, lae drangpeil	Gespanne, gejaag, oorspanne, prikkelbaar, hoë drangpeil

Die tweede-orde faktore word aan die hand van formules bereken en wel soos volg:

Ekstraversie	$(Q I) = [A+E+F+H+ (11 - Q2)] \div 5$
Angs	$(Q II) = [(11 - C) + L + O + (11 - Q3) + Q4] \div 5$
Emosionele sensitiviteit	$(Q III) = [(11 - C) + I +M + O+ (11 - Q3) +Q4] \div 6$
Onafhanklikheid	$(Q IV) = [E + (11 - G) + M + Q1 + Q2] \div 5$
Kompulsiviteit	$(Q VIII) = (G + N + Q3) \div 3$

Vir die doel van hierdie navorsingsprojek is gefokus op die bespreking van die sestien eerste-orde faktore, aangesien hierdie faktore die primêre aanduiders is van persoonlikheidsbeskrywings en gedragsvoorspellings. Verder sal daar slegs gefokus word op besonder hoë tellings (Waardes tussen 8 en 10) en besonder lae tellings (Waardes tussen 1 en 3). Waardes binne hierdie grense dui op sterk, tot ekstreme afwykings van die normaal, terwyl waardes tussen 4 en 7 slegs op matige afwyking dui. Waardes 5 en 6 word as normaal beskou.

7.4.3 Geldigheid

Omvattende geldigheidstudies is in die VSA deur Cattell gedokumenteer en word in beginsel as toepaslik in die RSA aanvaar.

7.4.4 Betroubaarheid

Betroubaarheid van die 16 PF is bereken deur middel van die Kuder – Richardson 8 koëffisiënt waardes, sowel as die toets – hertoets betroubaarheidskoëffisiënte. Die 2e orde faktore se betroubaarheid is vasgestel deur middel van Mosier se formule. Volgens Owen & Taljaard (1989 : 372) is koëffisiënte van 0.45 tot 0.92 vir verskillende faktore verkry.

8 HOOFSTUK 8 Resultate van ondersoek

8.1 Biografiese gegewens

Die ondersoekgroep bestaan uit 33 mans, waarvan 17 blank (51,5 %), 11 Indiër (33,3 %) en 5 swart (15,2 %) is. Die oorwegende taalgebruik binne die ondersoekgroep is Engels (27 respondente, 81,8 %), gevolg deur Afrikaans (3 respondente, 9,1 %) en Zulu (3 respondente, 9,1 %). Alhoewel die huidige minimum vlak van akademiese kwalifikasie vir indiensneming in die Suid-Afrikaanse Polisiegraad 12 is, beskik 10 respondente (30,3 %) oor slegs 'n graad 10 akademiese kwalifikasie. 19 Respondente (57,6 %) beskik wel oor 'n graad 12 akademiese kwalifikasie. Slegs 4 respondente (12,1 %) beskik oor 'n graad / diploma.

Die gemiddelde ouderdom van die respondente is tussen die interval 26 - 30 jaar (18 respondente, 54 %). Slegs 6 respondente (18,2 %) is in die ouderdomsgroep 20 - 25 jaar, terwyl 6 respondente (18,2 %) in die ouderdoms-interval 31 - 35 jaar is. 2 Respondente (6,1 %) is tussen 36 - 40 jaar oud en slegs 1 respondent (3 %) is ouer as 40 jaar.

Die verspreiding van ouderdomme stem goed ooreen met die aantal jare diens in die Suid-Afrikaanse Polisiegraad, en meer in besonder in die Honde-eenheid. Slegs 3 respondente (9,1 %) beskik oor 1 - 5 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisiegraad, terwyl 5 respondente (15,2 %) slegs een jaar ondervinding in die Honde-eenheid het. Die meerderheid van die ondersoekgroep (21 respondente, 63,3 %) het 6 - 10 jaar diens in die Suid-Afrikaanse Polisiegraad. Hierdie tendens word weerspieël in die feit dat 16 respondente (48,5 %) meer as 5 jaar verbonde is aan die Honde-eenheid. 7 Respondente (21,2 %) het 11 - 15 jare diens in die Suid-Afrikaanse Polisiegraad, terwyl slegs 2 respondente (6 %) meer as 16 jare diens het. 5 Respondente (15,2 %) is reeds 2 jaar verbonde aan die Honde-eenheid, 4 respondente (12,1 %) is 3 jaar verbonde aan die Honde-eenheid en 3 respondente (9,1 %) is 4 jaar verbonde aan die Honde-eenheid.

Die verband tussen die gemiddelde ouderdomme van die respondente, die aantal jare diens in die Suid-Afrikaanse Polisiegraad en aantal jare diens in die Honde-eenheid is daar word verder weerspieël in die verspreiding van ranggroepe binne die ondersoekgroep. 3 Respondente (9,1 %) beklee die rang van Konstabel, 22 respondente (66,7 %) beklee die rang van Sersant, 7 respondente (21,2 %) beklee die rang van Inspekteur en slegs 1 respondent (3 %) beklee die rang van Kaptein.

Geen beduidende gevolgtrekking kan gemaak word na aanleiding van die huwelikstatus van die respondente nie. 16 respondente (48,5 %) is ongetroud, 13 respondente (39,4 %) is getroud en 4 respondente (12,1 %) is geskei. Wat afhanklikes betref, geld die volgende tendense: 9 Respondente (27,3 %) het geen afhanklikes nie, 10 respondente (30,3 %) het 1 afhanklike, 6 respondente (18,2 %) het 2 afhanklikes, 'n verdere 6 respondente (18,2 %) het 3 afhanklikes en slegs 2 respondente (6,1 %) het meer as 4 afhanklikes.

Die biografiese gegewens word aangedui in die volgende frekwensietabelle:

Tabel 13: Ouderdom

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
20 – 25 jaar	6	18.2	18.2
26 – 30 jaar	18	54.5	72.7
31 – 35 jaar	6	18.2	90.9
36 – 40 jaar	2	6.1	97.0
40 + jare	1	3.0	100.0
Totaal	33	100	

Tabel 14: Rang

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Konstabel	3	9.1	9.1
Sersant	22	66.7	75.8
Inspekteur	7	21.2	97.0
Kaptein	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 15: Aantal jare diens

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
1 - 5 jaar	3	9.1	9.1
6 - 10 jaar	21	63.6	72.7
11 - 15 jaar	7	21.2	93.9
16 - 20 jaar	1	3.0	97.0
20 + jare	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 16: Jare in eenheid

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
1 jaar	5	15.2	15.2
2 jaar	5	15.2	30.3
3 jaar	4	12.1	42.4
4 jaar	3	9.1	51.5
5 + jare	16	48.5	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 17: Huwelikstatus

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Getroud	16	48.5	48.5
Ongetroud	13	39.4	87.9
Geskei	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 18: Aantal afhanklikes

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Geen	9	27.3	27.3
1 Afhanklike	10	30.3	57.6
2 Afhanklikes	6	18.2	75.8
3 Afhanklikes	6	18.2	93.9
4 + Afhanklikes	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 19: Ras

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Blank	17	51.5	51.5
Swart	5	15.2	66.7
Indiër	11	33.3	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 20: Hoogste kwalifikasie

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Graad 10	10	30.3	30.3
Graad 12	19	57.6	87.9
Graad / Diploma	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 21: Taalvoorkeur

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Afrikaans	3	9.1	9.1
Engels	27	81.8	90.9
Zulu	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 22: Beskrywende statistiek: Biografiese vraelys

	N	Gemiddeld		Standaard Afwyking	Skeefheid		Kurtose	
		Statistiek	Standaard Fout	Statistiek	Statistiek	Standaard Fout	Statistiek	Standaard fout
Geslag	33	1.00	.00	.00
Ouderdom	33	2.21	.16	.93	1.050	.409	1.600	.798
Rang	33	2.18	.11	.64	.618	.409	1.317	.798
Aantal jare diens	33	2.27	.14	.80	1.392	.409	3.480	.798
Jare in eenheid	33	3.61	.28	1.58	-.562	.409	-1.337	.798
Huwelikstatus	33	1.64	.12	.70	.647	.409	-.669	.798
Aantal afhanklikes	33	1.45	.22	1.25	.465	.409	-.859	.798
Ras	33	1.82	.16	.92	.383	.409	-1.753	.798
Hoogste kwalifikasie	33	1.82	.11	.64	.161	.409	-.453	.798
Taalvoorkeur	33	2.73	.47	2.67	2.915	.409	7.108	.798

8.2 Simptomevraelys

8.2.1 Fisiese simptome

Die betroubaarheidskoëffisiënt vir hierdie vraelys is besonder hoog: Alpha = .8982; Gestandaardiseerde item Alpha = .9007. Vanweë hierdie hoë betroubaarheid is die spesifieke vraelys van besondere waarde in soverre dit 'n aanduiding is van die fisiese simptome wat lede van die ondersoekgroep ervaar.

Sekere betekenisvolle tendense word geïdentifiseer indien daar na die frekwensie-ontleding van sekere items gekyk word. 12 Respondente (36,4 %) blyk "soms" 'n spanningshoofpyn onderlede te hê, terwyl 'n verdere 12 respondente (36,4 %) "dikwels" 'n spanningshoofpyn het. Wanneer daar gefokus word op die verandering in eetlus, is dit opmerklik dat 13 respondente (39,4 %) "soms" 'n verandering toon, terwyl 11 respondente "dikwels" 'n verandering toon in hul eetlus. Koppel hieraan die feit dat 12 respondente "soms" moegheid / lusteloosheid ervaar, en 'n verdere 16 respondente "dikwels" moegheid / lusteloosheid ervaar dan blyk dit dat die aard van die werk wat verrig word waarskynlik fisiek baie stremmend is.

Die frekwensieverdeling van die fisiese simptome word in die tabelle 23 – 40 uiteengesit:

Tabel 23: Stywe spiere/Spierpyn

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	6	18.2	18.2
Selde	4	12.1	30.3
Soms	13	39.4	69.7
Dikwels	9	27.3	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 24: Spanningshoofpyn

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	4	12.1	12.1
Selde	4	12.1	24.2
Soms	12	36.4	60.6
Dikwels	12	36.4	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 25: Verandering in eetlus

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	2	6.1	6.1
Selde	6	18.2	24.2
Soms	13	39.4	63.6
Dikwels	11	33.3	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 26: Sweterige hande

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	5	15.2	36.4
Soms	14	42.4	78.8
Dikwels	7	21.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 27: Borskaspyn

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	14	42.4	42.4
Selde	9	27.3	69.7
Soms	7	21.2	90.9
Dikwels	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 28: Moegheid / Lusteloosheid

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Soms	12	36.4	45.5
Dikwels	16	48.5	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 29: Peptiese ulkus

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	19	57.6	57.6
Selde	6	18.2	75.8
Soms	5	15.2	90.9
Dikwels	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 30: Hoë bloeddruk

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	25	75.8	75.8
Selde	4	12.1	87.9
Soms	3	9.1	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 31: Hartkloppings

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	24	72.7	72.7
Selde	3	9.1	81.8
Soms	6	18.2	100
Totaal	33	100.0	

Tabel 32: Impotensie

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	26	78.8	78.8
Selde	1	3.0	81.8
Soms	4	12.1	93.9
Dikwels	1	3.0	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 33: Senuweetrekkings

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	18	54.5	54.5
Selde	5	15.2	69.7
Soms	6	18.2	87.9
Dikwels	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 34: Kortasem

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	11	33.3	33.3
Selde	9	27.3	60.6
Soms	9	27.3	87.9
Dikwels	3	9.1	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 35: Droë mond / keel

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	8	24.2	48.5
Soms	14	42.4	90.9
Dikwels	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 36: Spysverteringsprobleme

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	11	33.3	57.6
Soms	8	24.2	81.8
Dikwels	5	15.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 37: Sooibrand

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	5	15.2	39.4
Soms	13	39.4	78.8
Dikwels	5	15.2	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 38: Oormatige frons

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	4	12.1	36.4
Soms	14	42.4	78.8
Dikwels	6	18.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 39: Naarheid

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	13	39.4	63.6
Soms	11	33.3	97.0
Dikwels	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 40: Beskrywende statistiek: Fisiese simptome

	N	Gemiddeld		Standaard afwyking	Skeefheid		Kurtose	
		Statistiek	Standaard fout	Statistiek	Statistiek	Standaard fout	Statistiek	Standaard fout
Stywe spiere/Spierpyn	33	2.85	0.2	1.12	-.391	.409	-.696	.798
Spanningshoofpyn	33	3.06	.18	1.06	-.631	.409	-.284	.798
Verandering in eetlus	33	3.09	.16	.95	-.425	.409	-.144	.798
Sweterige hande	33	2.64	.18	1.06	-.383	.409	-1.009	0.798
Borskaspyn	33	1.97	.18	1.02	.636	.409	-.773	.798
Moegheid/Lusteloosheid	33	3.42	.17	.97	-1.198	.409	1.742	.798
Peptiese ulkus	33	1.76	.18	1.03	1.068	.409	-.173	.798
Hoë bloeddruk	33	1.42	0.16	.90	2.549	.409	7.112	.798
Hartkloppings	33	1.45	.14	.79	1.354	.409	.063	.798
Impotensie	33	1.48	.18	1.03	2.117	.409	3.785	0.798
Senuweetrekkings	33	1.88	.19	1.11	.835	.409	-.801	.798
Kortasem	33	2.21	.19	1.11	.571	.409	-.378	.798
Droë mond/keel	33	2.36	.17	0.96	-.146	.409	-1.035	.798
Spysverteringsprobleme	33	2.39	.19	1.12	.427	.409	-.610	.798
Sooibrand	33	2.64	.21	1.19	.066	.409	-.743	.798
Oormatige frons	33	2.64	.20	1.14	-.157	.409	-.849	.798
Naarheid	33	2.15	.15	.83	0.044	.409	-.849	.798

8.2.2 Emosionele simptome

Die betroubaarheidskoëffisiënt vir die emosionele simptomevraelys is: $\text{Alpha} = .9227$; Gestandaardiseerde item $\text{Alpha} = .9225$, en dui daarop dat die vraelys 'n betroubare vraelys is met betrekking tot die identifisering van emosionele simptome wat presenteer binne die ondersoekgroep.

Indien daar in meer diepte na die frekwensieverdeling gekyk word, is dit opvallend dat 20 respondente (60,6 %) “dikwels” gefrustreerd voel. Verder is dit ook opvallend dat 15 respondente (45,5 %) “soms” aggressief en / of kwaad voel en 'n verdere 16 respondente (48,5 %) “dikwels” aggressief en / of kwaad voel. Die kombinasie van hoë vlakke van frustrasie en aggressie kan problematies wees indien die respondente nie oor die nodige persoonlike vaardighede of vermoëns beskik ten einde dit te hanteer nie. Verder moet daar ook in ag geneem word dat die werksituasie en eienskappe verbonde aan die werk hierdie frustrasie en aggressie kan vererger.

'n Gevoel van desperaatheid presenteer “soms” by 10 respondente (30 %), terwyl 15 respondente (45,5 %) “soms” hartseer voel en 'n verdere 11 respondente “soms” eensaam voel. Dit blyk ook verder dat 14 respondente (42,4 %) “soms” voel dat dinge buite beheer raak.

Slegs 2 respondente voel “dikwels” skuldig, terwyl slegs 1 respondent (3 %) “altyd” skuldig voel. 'n Beduidende hoë aantal respondente (8: 24,2 %) voel “nooit” skuldig nie, terwyl 11 respondente (33,3 %) “selde” skuldig voel.

Die frekwensieverdeling van die emosionele simptome word in tabelle 41 – 55 uiteengesit:

Tabel 41: Voel angstig / bang

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	6	18.2	18.2
Selde	10	30.3	48.5
Soms	13	39.4	87.9
Dikwels	3	9.1	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 42: Voel gefrustreerd

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	2	6.1	6.1
Soms	9	27.3	33.3
Dikwels	20	60.6	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 43: Voel aggressief / kwaad

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	1	3.0	3.0
Selde	1	3.0	6.1
Soms	15	45.5	51.5
Dikwels	16	48.5	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 44: Voel teleurgesteld

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	1	3.0	3.0
Selde	4	12.1	15.2
Soms	13	39.4	54.5
Dikwels	12	36.4	90.9
Altyd	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 45: Voel verveeld / traak-my-nieagtig

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Selde	5	15.2	24.2
Soms	18	54.5	78.8
Dikwels	6	18.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 46: Voel emosioneel getap

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Selde	5	15.2	24.2
Soms	14	42.4	66.7
Dikwels	8	24.2	90.9
Altyd	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 47: Voel desperaat

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	7	21.2	42.4
Soms	10	30.3	72.7
Dikwels	9	27.3	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 48: Voel hartseer

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	2	6.1	6.1
Selde	8	24.2	30.3
Soms	15	45.5	75.8
Dikwels	7	21.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 49: Voel skuldig

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	11	33.3	57.6
Soms	11	33.3	90.9
Dikwels	2	6.1	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 50: Voel bekommerd

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	1	3.0	3.0
Selde	8	24.2	27.3
Soms	13	39.4	66.7
Dikwels	9	27.3	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 51: Voel eensaam

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	6	18.2	18.2
Selde	9	27.3	45.5
Soms	11	33.3	78.8
Dikwels	5	15.2	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 52: Voel dat dinge buite beheer raak

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	5	15.2	15.2
Selde	6	18.2	33.3
Soms	14	42.4	75.8
Dikwels	6	18.2	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 53: Voel onseker

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Selde	9	27.3	36.4
Soms	13	39.4	75.8
Dikwels	8	24.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 54: Voel teruggetrokke

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	7	21.2	42.4
Soms	10	30.3	72.7
Dikwels	8	24.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 55: Beskrywende statistiek: Emosionele simptome

	N	Gemiddeld		Standaard afwyking	Skeefheid		Kurtose	
		Statistiek	Standaard fout	Statistiek	Statistiek	Standaard fout	Statistiek	Standaard fout
Voel angstig / bang	33	2.48	0.17	1	0.241	.409	-0.092	.798
Voel gefrustreerd	33	3.61	0.15	0.86	-1.588	.409	3.569	.798
Voel aggressief / kwaad	33	3.39	0.12	0.7	-1.312	.409	2.69	.798
Voel teleurgesteld	33	3.36	0.16	0.93	-0.321	.409	0.172	0.798
Voel verveeld / traak-my-nieagtig	33	2.91	0.16	0.91	-0.335	.409	0.527	.798
Voel emosioneel getap	33	3.09	0.19	1.07	-0.191	.409	-0.162	.798
Voel desperaat	33	2.64	0.19	1.11	-0.221	.409	-1.273	.798
Voel hartseer	33	2.91	0.16	0.91	-0.073	.409	-0.003	.798
Voel skuldig	33	2.3	0.18	1.02	0.481	.409	0.079	.798
Voel bekommerd	33	3.09	0.16	0.95	0.046	.409	-0.349	0.798
Voel eensaam	33	2.64	0.2	1.14	0.247	.409	-0.533	0.798
Voel dat dinge buite beheer raak	33	2.82	0.19	1.1	-0.064	.409	-0.387	0.798
Voel onseker	33	2.79	0.16	0.93	-0.299	.409	-0.681	.798
Voel teruggetrokke	33	2.67	0.2	1.16	-0.052	.409	-1.033	.798

8.2.3 Gedragsimptome

Die betroubaarheidskoëffisiënt vir die gedragsimptome-vraelys is $\text{Alpha} = .8715$; Gestandaardiseerde item $\text{Alpha} = .8727$, en dui daarop dat die vraelys 'n betroubare vraelys is met betrekking tot die identifisering van gedragsimptome wat presenteer binne die ondersoekgroep.

By nadere ondersoek blyk dit dat 9 respondente (27,2 %) "soms" emosionele uitbarstings het, terwyl 'n verdere 6 respondente (18,2 %) "dikwels" emosionele uitbarstings het. 54,4 % van die respondente het "nooit" of "selde" emosionele uitbarstings. 'n Beduidende hoë getal respondente (14; 42,2 %) het aangedui dat hulle "soms" aan eetversteurings lei, terwyl 'n verdere 7 respondente (21,2%) "dikwels" aan eetversteurings lei. Dit blyk dus dat 'n beduidende hoë persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 63,4 % aan eetversteurings lei. Dit blyk uit die data dat 14 respondente (42 %) "nooit" oormatig rook nie. Slegs 5 respondente rook dikwels oormatig (15 %), terwyl slegs 3 respondente (9,1 %) "altyd" oormatig rook.

'n Kombinasie van impulsiwiteit en aggressie kan gevaarlik wees. Dit is beduidend dat 15 respondente (45,5 %) "soms" impulsief optree, terwyl 18 respondente (54,4 %) "soms" aggressief optree. Meer beduidend is egter die feit dat 7 respondente (21,2 %) "dikwels" impulsief optree en 'n verdere 9 respondente (27,2 %) "dikwels" aggressief optree. 2 Respondente (6,1 %) van die ondersoekgroep tree altyd aggressief op. Geen beduidende statistiek kan vermeld word ten opsig van die respondente se slaappatrone nie. Dit is wel opmerklik dat 9 respondente (27,3 %) "soms" slaapversteurings het, terwyl 'n verder 9 respondente (27,3 %) "dikwels" slaapversteurings het. 10 Respondente (30,3 %) tree "selde" kompulsief op terwyl 12 respondente (36,4 %) "dikwels" kompulsief optree.

Vroeër in die hoofstuk is daar reeds verwys na die beduidende aantal respondente wat aan eetversteurings ly. Die tendens dat 13 respondente (39,4 %) "soms" dalende aktiwiteitsvlakke toon, en 'n verdere 3 respondente (9,1 %) "dikwels" dalende aktiwiteitsvlakke toon, word versterk deur die hoë aantal respondente wat lei aan eetversteurings. 'n Beduidende lae aantal respondente (2; 6,1 %) wring "dikwels" hulle hande. 12 Respondente (36,4 %) gooi / skop "nooit" voorwerpe nie terwyl 10 respondente (30,3 %) dit "selde" doen. Slegs 4 persone (12,1 %) van die ondersoekgroep gooi / skop "dikwels" voorwerpe.

Die roekelose gebruik van geld verwys nie slegs na die mate van besteding van geld nie, maar fokus eerder op die roekelose of nalatige gebruik van 'n skaars hulpbron. Daar word dus gefokus op die gedrag en nie soseer die geld nie. 6 Respondente (18,2 %) toon “nooit” hierdie gedrag nie. 8 Respondente (24,2 %) toon “selde” hierdie gedrag en 'n verdere 10 respondente (30,3 %) toon “soms” roekelose gedrag. Slegs 3 respondente (9,1 %) toon “altyd” hierdie gedrag.

Bykans 80% (24,2 % “nooit”; 24,2 % “selde”; 30,3 % “soms” toon 'n geringe verandering in seksuele aktiwiteit. 27 Respondente (81,8 %) is “nooit” afwesig sonder verlof nie. Hierdie tendens was te verwagte, aangesien afwesigheid sonder verlof 'n oortreding in die Suid-Afrikaanse Polisie diens is. Die hoë aanwesigheidsyfer word versterk deur die feit dat 14 respondente (42,2 %) “nooit” 'n verlies aan belangstelling toon nie.

'n Relatief hoë persentasie respondente beleef in 'n mindere of meerdere mate drome of terugflitse (10 respondente, 30,3 % “selde; 11 respondente, 33,3 % “soms” en 8 respondente, 24,2 % “dikwels”). Daar is by 11 respondente (33,3 %) “soms” 'n gebrek aan motivering en by 7 respondente (21,2 %) “dikwels” 'n gebrek aan motivering. 7 Respondente (21,2 %) toon “nooit” 'n verhoogde skrikreaksie nie. 'n Verdere 16 respondente (48,5 %) toon “selde” 'n verhoogde skrikreaksie

Die frekwensieverdeling van die gedragsimptome word in tabelle 56 - 73 uiteengesit:

Tabel 56: Emosionele uitbarstings

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	11	33.3	33.3
Selde	7	21.2	54.5
Soms	9	27.3	81.8
Dikwels	6	18.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 57: Eetversteurings

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	5	15.2	36.4
Soms	14	42.4	78.8
Dikwels	7	21.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 58: Oormatige rook

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	14	42.4	42.4
Selde	2	6.1	48.5
Soms	9	27.3	75.8
Dikwels	5	15.2	90.9
Altyd	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 59: Impulsiwiteit

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	6	18.2	18.2
Selde	5	15.2	33.3
Soms	15	45.5	78.8
Dikwels	7	21.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 60: Aggressiewe optrede

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	1	3.0	3.0
Selde	3	9.1	12.1
Soms	18	54.5	66.7
Dikwels	9	27.3	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 61: Slaapversteurings

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	5	15.2	36.4
Soms	9	27.3	63.6
Dikwels	9	27.3	90.9
Altyd	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 62: Kompulsiewe optrede

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	10	30.3	51.5
Soms	12	36.4	87.9
Dikwels	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 63: Dalende aktiwiteitsvlakke

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	5	15.2	15.2
Selde	12	36.4	51.5
Soms	13	39.4	90.9
Dikwels	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 64: Wring van hande

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	9	27.3	27.3
Selde	11	33.3	60.6
Soms	11	33.3	93.9
Dikwels	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 65: Gooi / skop voorwerpe

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	12	36.4	36.4
Selde	10	30.3	66.7
Soms	7	21.2	87.9
Dikwels	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 66: Roekelose gebruik van geld

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	6	18.2	18.2
Selde	8	24.2	42.4
Soms	10	30.3	72.7
Dikwels	6	18.2	90.9
Altyd	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 67: Verandering in seksuele aktiwiteit

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	8	24.2	48.5
Soms	10	30.3	78.8
Dikwels	4	12.1	90.9
Altyd	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 68: Afwesig sonder verlof / rede

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	27	81.8	81.8
Selde	2	6.1	87.9
Soms	3	9.1	97.0
Dikwels	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 69: Verlies aan belangstelling

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	14	42.4	42.4
Selde	8	24.2	66.7
Soms	5	15.2	81.8
Dikwels	4	12.1	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 70: Drome / Terugflitse

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Selde	10	30.3	39.4
Soms	11	33.3	72.7
Dikwels	8	24.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 71: Gebrekkige motivering

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	6	18.2	42.4
Soms	11	33.3	75.8
Dikwels	7	21.2	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 72: Verhoogde skrikreaksie

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	16	48.5	69.7
Soms	6	18.2	87.9
Dikwels	2	6.1	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 73: Beskrywende statistiek: Gedragsimptome

	N	Gemiddeld		Standaard afwyking	Skeefheid		Kurtose	
		Statistiek	Standaard Fout	Statistiek	Statistiek	Standaard fout	Statistiek	Standaard fout
Emosionele uitbarstings	33	2.30	0.2	1.13	0.18	.409	-1.379	.798
Eetversteurings	33	2.64	.18	1.06	-0.383	.409	-1.009	.798
Oormatige rook	33	2.42	0.25	1.41	0.375	0.409	-1.219	.798
Impulsiwiteit	33	2.70	.18	1.02	-.481	0.409	-.773	.798
Aggressiewe optrede	33	3.24	.14	0.83	-.146	0.409	1.024	.798
Slaapversteurings	33	2.88	.23	1.29	-.130	0.409	-1.077	.798
Kompulsiewe optrede	33	2.39	.17	0.97	-.012	0.409	-.929	.798
Dalende aktiwiteitsvlakke	33	2.42	.15	0.87	-.058	.409	-.577	.798
Wring van hande	33	2.18	.16	0.92	0.135	.409	-0.938	.798
Gooi/skop voorwerpe	33	2.09	.18	1.04	0.515	0.409	-.905	.798
Roekelose gebruik van geld	33	2.76	.21	1.23	0.17	0.409	-0.795	0.798
Verandering in seksuele aktiwiteit	33	2.58	.22	1.25	0.378	0.409	-0.675	0.798
Afwesig sonder verlof/rede	33	1.33	.14	0.78	2.298	0.409	4.386	0.798
Verlies aan belangstelling	33	2.15	.22	1.28	0.847	0.409	-0.395	0.798
Drome/Terugflitse	33	2.82	.18	1.01	.005	0.409	-.610	0.798
Gebrekkige motivering	33	2.61	.20	1.17	-.023	0.409	-1.026	0.798
Verhoogde skrikreaksie	33	2.27	.19	1.07	1.047	0.409	0.992	0.798

8.2.4 Denkpatoon-simptome

Die betroubaarheidskoëffisiënt vir die denkpatoon-simptomevraelys is: Alpha = .876015; Gestandaardiseerde item Alpha = .8817. Hierdie waardes dui daarop dat die vraelys 'n betroubare vraelys is met betrekking tot die identifisering van denkpatoon-simptome wat presenteer binne die ondersoekgroep.

Vanweë die aard van die werk wat lede verbonde aan die Honde-eenheid verrig, is dit van kardinale belang dat lede nie besluitloos optree nie. Besluitloosheid kan lei tot die verlies aan lewe wanneer daar in 'n oogwink besluite geneem moet word. Dit is opmerklik dat slegs 3 respondente (9,1 %) "dikwels" besluitloos is. Beduidend egter is die feit dat 13 respondente (39,4 %) "soms" besluitloos is. 14 Respondente (42,2 %) is "selde" besluitloos, terwyl 'n verdere 3 respondente (9,1 %) "nooit" besluitloos is nie. Soos met besluitloosheid, kan swak konsentrasie tot ernstige probleme lei. 5 Respondente (15,2 %) lei "nooit" aan swak konsentrasie nie, terwyl 14 respondente (42,2 %) "selde" en 'n verdere 9 respondente (27,3 %) "soms" swak konsentrasie presenteer. Slegs 1 respondent (3 %) toon "altyd" tekens van swak konsentrasie.

10 Respondente is "soms" vergeetagtig, 9 respondente (27,3 %) is "selde" vergeetagtig en 7 respondente (21,2 %) is "nooit" vergeetagtig nie. Daarteenoor is 7 respondente (21,2 %) is "dikwels" vergeetagtig. Die lede verbonde aan die Honde-eenheid werk daaglik met elemente binne die samelewing wat nie hulle teenwoordigheid of diens aan die publiek waardeer nie. Dit gebeur dikwels dat hulle aan verbale aggressie en vyandigheid blootgestel word. Hierdie konstante blootstelling word waarskynlik weerspieël in die resultate ten opsigte van sensitiwiteit vir kritiek.

8 Respondente (24,2 %) is "nooit" sensitief vir kritiek nie, 11 respondente (33,3 %) is "selde" sensitief vir kritiek terwyl 'n verdere 7 respondente (21,2 %) "soms" sensitief is vir kritiek. Slegs 2 respondente (6,1 %) is "altyd" sensitief vir kritiek.

Die resultate dui beduidend op 'n verminderde sensitiwiteit vir kritiek. In sommige gevalle is hierdie verlaagde sensitiwiteit vir kritiek positief, maar kan ook uiters negatief wees, byvoorbeeld, indien kritiek gelewer word deur hoër gesag.

10 Respondente (30,3 %) is "soms" verward terwyl 'n verdere 4 respondente (12,1 %) is "dikwels" verward is. Verder is 11 respondente (33,3 %) "selde" verward 8

respondente (24,2 %) is “nooit” verward nie. Onsamehangende gedagtes versterk die konsep van ‘n verlies aan of swak konsentrasie. Dit is dus van belang om daarop te wys dat die resultate vir hierdie twee velde ooreenstemmende waardes toon. 16 Respondente (48,5 %) toon “selde” tekens van onsamehangende gedagtes, 9 respondente (27,3 %) “soms” tekens van onsamehangende gedagtes en 5 respondente (15,2 %) presenteer “dikwels” met onsamehangende gedagtes. Slegs 3 respondente (9,1 %) presenteer “nooit” met tekens van onsamehangende gedagtes nie.

Swak oordeel is een denkpatoon-simptoom wat geweldig belangrik is in die dag tot dag werksaamhede van die lede verbonde aan die Honde-eenheid. Lede verbonde aan die eenheid moet deurentyd goeie oordeel handhaaf en openbaar ten einde hulle plig suksesvol uit te voer. Uit die resultate is dit dus beduidend dat 9 respondente (27,2 %) “nooit” swak oordeel openbaar nie, 18 respondente (54,5 %) “selde” swak oordeel openbaar en 5 respondente (15,2 %) “soms” swak oordeel openbaar. Slegs 1 respondent (3 %) openbaar “dikwels” swak oordeel.

Die respondente blyk oor die algemeen optimisties te wees. Hierdie stelling word ondersteun deur 9 respondente (27,3 %) wat “nooit” pessimisties is nie, 12 respondente (36,4 %) wat “selde” pessimisties is en 8 respondente (24,2 %) wat “soms” pessimisties is. 3 Respondente (9,1 %) is “dikwels” pessimisties en slegs 1 respondent (3 %) is altyd pessimisties. 8 Respondente (24,2 %) is “nooit” obsessief nie, ‘n verdere 9 respondente (27,3 %) is “selde” obsessief, 11 respondente (33,3 %) is “soms” obsessief en 5 respondente (15,2 %) is “dikwels” obsessief.

Lede verbonde aan die Honde-eenheid moet deurentyd aan die hoogste standarde voldoen ten opsigte van vasgestelde prosedures, riglyne en metodes van werk. Lede word verder op ‘n deurlopende basis geëvalueer (prestasiëbeoordeling) aan die hand van eersgenoemde prosedures, riglyne en werksmetode. Hierdie beoordeling speel ‘n belangrike rol in moontlike toekomstige bevordering en loopbaan vooruitgang. Die respondente se strewe na perfeksionisme moet waarskynlik vanuit hierdie perspektief beoordeel word.

4 Respondente (12,1 %) toon “altyd” ‘n strewe na perfeksionisme, 10 respondente (30,3 %) “dikwels” n strewe na perfeksionisme en ‘n verdere 10 respondente (30,3 %) “soms” ‘n strewe na perfeksionisme. Slegs 5 respondente (15,2 %) toon “selde” ‘n strewe na perfeksionisme en ‘n verdere 4 respondente (12,1 %) “nooit” ‘n strewe na perfeksionisme nie.

Vanweë die hoë selfmoordsyfer onder lede verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens is dit van kardinale belang dat gedagtes aan selfmoord altyd ernstig bejeën moet word. Die verkreë resultate bevestig dat 18 respondente (54,5 %) “nooit” aan selfmoord dink nie en dat 10 respondente (30,3 %) “selde” aan selfmoord dink. Alhoewel die getalle relatief klein is, is dit tog kommerwekkend dat 4 respondente (12,1 %) “soms” aan selfmoord dink terwyl daar 1 respondent (3 %) wat “dikwels” aan selfmoord dink.

Die frekwensieverdeling van die Denkpatoon-simptome word in tabelle 74 - 85 uiteengesit:

Tabel 74: Besluitloos

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Selde	14	42.4	51.5
Soms	13	39.4	90.9
Dikwels	3	9.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 75: Swak konsentrasie

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	5	15.2	15.2
Selde	14	42.4	57.6
Soms	9	27.3	84.8
Dikwels	4	12.1	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 76: Vergeetagtig

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	7	21.2	21.2
Selde	9	27.3	48.5
Soms	10	30.3	78.8
Dikwels	7	21.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 77: Sensitief vir kritiek

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	11	33.3	57.6
Soms	7	21.2	78.8
Dikwels	5	15.2	93.9
Altyd	2	6.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 78: Verward

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	11	33.3	57.6
Soms	10	30.3	87.9
Dikwels	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 79: Onsamehangende gedagtes

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	3	9.1	9.1
Selde	16	48.5	57.6
Soms	9	27.3	84.8
Dikwels	5	15.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 80: Swak oordeel

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	9	27.3	27.3
Selde	18	54.5	81.8
Soms	5	15.2	97.0
Dikwels	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 81: Pessimisties

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	9	27.3	27.3
Selde	12	36.4	63.6
Soms	8	24.2	87.9
Dikwels	3	9.1	97.0
Altyd	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 82: Obsessie

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	8	24.2	24.2
Selde	9	27.3	51.5
Soms	11	33.3	84.8
Dikwels	5	15.2	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 83: Perfeksionisme

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	4	12.1	12.1
Selde	5	15.2	27.3
Soms	10	30.3	57.6
Dikwels	10	30.3	87.9
Altyd	4	12.1	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 84: Selfmoord

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe persentasie
Nooit	18	54.5	54.5
Selde	10	30.3	84.8
Soms	4	12.1	97.0
Dikwels	1	3.0	100.0
Totaal	33	100.0	

Tabel 85: Beskrywende statistiek: Denkpatroonsimptome

	N	Gemiddeld		Standaard afwyking	Skeefheid		Kurtose	Standaard fout
		Statistiek	Standaard fout	Statistiek	Statistiek	Standaard fout	Statistiek	
Besluitloos	33	2.48	.14	.80	.053	.409	-.280	.798
Swak konsentrasie	33	2.45	.17	1.00	.528	.409	-.001	.798
Vergeetagtig	33	2.52	.19	1.06	-.042	.409	-1.184	.798
Sensitief vir kritiek	33	2.45	0.21	1.20	.517	.409	-.599	.798
Verward	33	2.30	0.17	.98	.172	.409	-.941	.798
Onsamehangende gedagtes	33	2.48	0.15	0.87	.352	.409	-.515	0.798
Swak oordeel	33	1.94	.13	0.75	0.578	.409	.485	.798
Pessimisties	33	2.24	.18	1.06	.648	0.409	-0.02	.798
Obsessie	33	2.39	.18	1.03	.029	.409	-1.111	0.798
Perfeksionisme	33	3.15	.21	1.20	-.309	.409	-.660	0.798
Selfmoord	33	1.64	.14	.82	1.148	.409	.669	0.798

8.3 Die Ervaring van Werk en Lewensomstandighede Vraelys

Hierdie vraelys fokus op die aard sowel as die omvang van stres soos beleef deur die respondente binne die ondersoekgroep. Eerstens word daar gefokus op die omvang van stres. Hier is die volgende bevind: 14 Respondente (42,2 %) ervaar “normale” vlakke van stres. Slegs 6 respondente (18,2 %) ervaar “hoë” vlakke van stres, terwyl 13 respondente (39,4 %) “baie hoë” vlakke van stres ervaar.

Oorsake vir die belewing van stres word verdeel tussen oorsake binne die werksituasie en oorsake buite die werksituasie. Hier is die volgende bevind: 15 Respondente (45,5%) ervaar oorsake buite die werksverband as “normaal” ten opsigte van die mate waartoe hierdie oorsake aanleiding gee tot die ervaring en die belewing van stres, 8 respondente (24,2%) ervaar oorsake buite die werk as “hoog” terwyl 15 respondente (30,3%) oorsake buite die werksverband as “baie hoog” klassifiseer in die mate waartoe hierdie oorsake aanleiding gee tot die ervaring en belewing van stres.

Indien daar gefokus word op oorsake binne die werksverband word tellings op ses (6) subvelde verkry. Hierdie subvelde word as volg geklassifiseer:

8.3.1 Organisasiefunksionering

